Wilson Center | Digital Archive
International History Declassified
digitalarchive.wilsoncenter.org

# May 21, 1974

# Kolonel J.F.J. van Rensburg to Hugo Biermann, Chief of the Defense Force, 'Operasie waardering van die RSA se Moontlike Aktiewe Militêre Betrokkenheid in Mosambiek'

## Citation:

"Kolonel J.F.J. van Rensburg to Hugo Biermann, Chief of the Defense Force, 'Operasie waardering van die RSA se Moontlike Aktiewe Militêre Betrokkenheid in Mosambiek'", May 21, 1974, Wilson Center Digital Archive, Operasie Waardering van die RSA se Moontlike Aktiewe Militêre Betrokkenheid in Mosambiek, Volume 5, HS 11/1/2/2 DG OPS, Box 417, Group 3 (Volume 1) – AMI/HIS, South African National Defence Force Archives. Obtained by Jamie Miller. https://digitalarchive.umd.edu/document/134626


## Original Language:

Afrikaans

## Contents:

Original Scan

Wilson Center Digital Archive
Original Scan



Wilson Center Digital Archive
Original Scan

74223330PE WO1

UITERS GEHEIM

DEFENCE INTELLIGENCE
DECLASSIFIED
2011-03-29
D.M. CHAMBERS
82425760PE WO1

Kopieno 5 van Ses Kopieë

HS/11/1/2/2 (DG OPS)

Die Hoof van die SAW
Verdedigingshoofkwartier
Pretoria
21 Mei 1974

OPERASIEWAARDERING VAN DIE RSA SE MOONTLIKE AKTIEWE MILITêRE BETROKKENHEID IN MOSAMBIEK

(Opgestel deur Kol J.F.J. van Rensburg, SM, SAPK in opdrag van en in oorlegpleging met DG Ops en deur gebruikmaking van informasie deur DGMI verskaf)

DEEL 1 : INLEIDING EN FORMULERING VAN UITGANGSPUNTE

1. Die verantwoordelike aanwending van militêre mag deur 'n demokratiese staat, hang ten nouste saam met die handhawing, bevordering en verwesenliking van nasionale belange, doelstellings en ideale. Militêre mag behoort ten doel te hê 'n klimaat te handhaaf of desnoods dit te skep en daarna te handhaaf, wat die regering van die dag in staat sal stel om nasionale, ekonomiese, maatskaplike, politieke en diplomatieke belange en doelstellings te handhaaf en te bevorder in 'n milieu vry van gewapende militante inmenging deur binnelandse antagoniste of deur buitelandse militêre mag.

2. Soms bestaan en ontstaan daar tussen vriendskaplike state onderling sodanige gemeenskaplike belange van 'n veiligheids-, ekonomiese-, maatskaplike- en ideologiese aard dat die uitbouing en verwesenliking daarvan lewensbelangrik is vir die bevordering van die algehele welvaart binne die lande self of van die algemene magsposisie van dié lande jeens ander akteurs op die inter-staatlike verhoog. Eenheid van poging lei in sulke gevalle ook tot die verstewiging van die gemeenskaplike belange wat uiteindelik resulteer in groter individuele welvaart vir die belanghebbende lande. Egter, in die inter-staatlike verkeer vind die uitbouing en bevordering van groepsbelange, net soos in die geval van individuele staatsbelange, nie per se sonder teenkanting en inmenging plaas nie. Hierdeur word die instandhouding van 'n militêre magspotensiaal genoodsaak waarvan die blote bestaan reeds 'n eerste waarborg kan wees vir die vreedsame handhawing, uitbouing en verwesenliking van nasionale en van internasionale groepsbelange. Die omvang, aard en waarde van sulke eie en gemeenskaplike belange impliseer ook dat

/internasionale militêre ...

Wilson Center Digital Archive
Original Scan



DEFENCE INTELLIGENCE
DECLASSIFIED
2011-03-29
C.M. CHAMBERS

internasionale militêre magsinmenging daarmee, deur eie of deur gekombineerde militêre magsaanwending aktief bekamp behoort te word.

3. Dit is ons oorweë standpunt dat ten spyte van individuele verskille in maatskaplike ordeningsbeleid, daar tussen die state van Suider-Afrika baie gemeenskaplike aktuele en potensiële belange bestaan wat wag om op 'n grondslag van waardige inter-staatlike verkeer en sinvolle samewerking tot béswil en groter welvaart van alle partye uitgebou te word. Hierteenoor heers daar regionale konfrontasies in Suider-Afrika wat die voordele van vreedsame buurskap en van waardige samewerking, verydel. Solank 'n oningeligte en onsimpatieke wêreldmening by implikasie en aktiewe terrorisme direk die sinvolle staatkundige teenwoordigheid van blankes in Suider-Afrika bedreig, moet die handhawing van blanke solidariteit 'n allesoorheersende groepsbelang van die blank-beheerde state in Suider-Afrika word en bly. Die handhawing van sinvolle blanke teenwoordigheid in Suider-Afrika behoort as groepsbelang, in finale instansie, ook deur gekombineerde militêre magsaanwending verdedig te word. Die onlangse staatsgreep in Portugal en die gevolglike staat van politieke onsekerheid in Angola en in Mosambiek, het nou 'n waardering nodig gemaak van groepsbelange met betrekking tot hierdie gebiede, asook van individuele RSA belange daar, wat moontlike RSA militêre magsaanwending in gesamentlike of in individuele verband, kan impliseer. Vanweë die nabyheid van Mosambiek óok aan Rhodesië, verdien dié gebied voorkeur aandag.

4. Dit is die primêre taak van militêre mag om die onskendbaarheid van die staatsterritorium deur militêre buite-invloede, te verdedig. Daardeur behoort dit ook die waarborg te bied vir vreedsame bevordering van eie en van groepsbelange in die ekonomiese, maatskaplike, politieke en diplomatieke sfeer, vry van militante inmenging van buite. Deur die militêre bril gesien, is dit dus die taak van die SAW om eerstens kennis te neem van gevestigde en potensiële eie en groepsbelange in Mosambiek. Daarna behoort die SAW die militêre implikasies te bepaal wat saamgaan met die daarstelling van die militêre waarborg aan die Staat(e) se ekonomiese, maatskaplike, politieke en diplomatieke instansies vir die onbelemmerde handhawing, uitbouing en verwesenliking van lewensbelangrike eie en groepsbelange in Mosambiek. Die besluit om nasionale of

/groepsbelange in ..........

Wilson Center Digital Archive
Original Scan



groepsbelange in Mosambiek militêr te verdedig val buite die sfeer van militêre beslissingname, maar sou hulle daarvoor gevra word, behoort die verdedigingsinstansies gereed te wees om die RSA Regering te adviseer oor die moontlike aanwending daar van die RSA se militêre magspotensiaal.

5. Doel. Die doel van hierdie studie is om in die lig van die bedreiging van sinvolle blanke teenwoordigheid in Suider-Afrika en in besonder gedagtig aan die resente politieke gebeure in Portugal die omvang, aard en verloop van die RSA se moontlike aktiewe militêre betrokkenheid in Mosambiek te bepaal.

6. Bestek. Hierdie ondersoek dek die hele spektrum van moontlike aktiewe militêre magsaanwending in Mosambiek en word ooreenkomstig die volgende patroon aangebied:

a. Kennisname van die RSA se nasionale belange in Mosambiek.

b. Bevolkingsamestelling van Mosambiek en die Gebied se Politieke Toekoms.

c. Faktore wat militêre operasies in Mosambiek gaan beïnvloed.

d. Bepaling van operasiedoelwitte in Mosambiek.

e. Operasie-Taakformulerings met betrekking tot Mosambiek en die implikasies daarvan.

DEFENCE INTELLIGENCE
DECLASSIFIED
2011-03-29
D.M. CHAMBERS
82425760PE WO1

Wilson Center Digital Archive
Original Scan



DEEL 2 : DIE RSA SE NASIONALE BELANGE IN MOSAMBIEK

7. Die steunpilare vir bekamping van die kommunistiese aanslag teen Suider-Afrika, is eerstens die handhawing van sinvolle blanke teenwoordigheid in die gebied deur uitbouing en verstewiging van blanke solidariteit in blank-beheerde state; tweedens, uitbouing en verbetering van die maatskaplike en ekonomiese welvaart van alle inwoners van Suider-Afrika; derdens, die daarstelling van 'n effektiewe militêre waarborg vir die vreedsame benutting van sodanige welvaart binne 'n milieu van harmonieuse inter-staatlike samewerking en goeie buurskap. Vir die bekamping van die kommunistiese beer, in sy Afrika-kleed van terrorisme, is dit dus nodig dat blanke solidariteit in Suider-Afrika ook sal lei tot gesamentlike militêre verdediging van Suider-Afrika binne die raamwerk van 'n gesamentlike verdedigingsmeesterplan vir die gebied. Lewering van 'n effektiewe bydrae tot so 'n verdedigingsmeesterplan maak dit nodig vir die SAW se hoër verdedigingsechelons om kennis te neem van die aard van die militêre verdedigbare belange wat die RSA in Suider-Afrika, met spesifieke verwysing na Mosambiek, het en begerig is om te handhaaf.

8. Afgesien van die kultuur-historiese belange wat die RSA met Portugal en dus ook met Mosambiek deel, het die RSA, eie, en saam met Rhodesië, Swaziland en ander Afrika State, groeps- en mededingende belange waarvan die militaris vooraf kennis behoort te dra. Hierdie belange tipeer die strategiese belangrikheid van Mosambiek vir die RSA, Rhodesië en Swaziland en in sekere opsigte ook vir die Westerse kapitalistiese gemeenskap. In die waarde van hierdie belange, die beskikbaarheid van alternatiewe waardebronne en, in finale instansie, in die onvervangbaarheid van sodanige belange, setel die regverdiging vir militêre optrede ter beveiliging en versekering van die voortgesette handhawing en benutting van die RSA en andere se Mosambiek-belange. Deur 'n militêre bril gesien verkry gevestigde ekonomiese en veiligheidsbelange in Mosambiek militêr-strategiese waarde.

9. Die <u>veiligheidsbelange</u> van die RSA, Rhodesië en Swaziland in Mosambiek, word hiernaas behandel:

DEFENCE INTELLIGENCE
DECLASSIFIED
2011-03-29

Wilson Center Digital Archive Original Scan



a. Militêr-gesproke vorm 'n goedgesinde en beveiligde Mosambiek 'n bufferstaat waardeur die oosgrens van die RSA, Rhodesië en Swaziland beveilig word. Deur 'n vyandiggesinde Mosambiek word Swaziland, die Transvaal en Rhodesië vasgedruk teen 'n harde aambeeld wat in die Weste deur 'n onvriendelike Botswana en 'n vyandiggesinde Zambië gevorm word. Mosambiek in die hande van 'n vyandiggesinde regering gaan die afspringplek word vanwaar bederflike invloede sal uitgaan na Swaziland en na die swart inwoners van aangrensende RSA bantoe-tuislande. Moontlike SAANC-terroristebedrywighede in die Krugerwildtuin sal ons toeristebedryf 'n harde knou gee en buitendien word die soort operasies daar bevorder as gevolg van die yl-bewoning en die feit dat Sjanghaans verspreid oor die Transvaal-Rhodesiese/Mosambiekgrense heen woon.

b. 'n Vyandiggesinde regering in Mosambiek gaan lei tot groter kommunistiese invloed, Russies sowel as Sjinees, op ons drumpel. Gebruikmaking van die hawens van Lourenco Marques en van Beira kan lei tot verdere oorheersing van die Indiese Oseaan deur die Russiese Vloot; in hierdie verband is Russiese beheer oor die Mosambiekkanaal van strategiese waarde vir die kommunis[te] en hou dit gevaar in vir die vreedsame benutting van die RSA se olietoevoerroetes vanaf Iran. Russiese blokkade van die Mosambiekkanaal kan 'n gevoelige uitwerking hê op ons reeds hoë oliepryse.

c. Vyandiggesinde beheer oor Lourenco Marques en oor Beira verseker nabye logistieke basisse vanwaar 'n oorwoë konvensionele aanslag teen Suider-Afrika makliker logisties uitvoerbaar raak. Buitendien kan die lughawens te Beira en Lourenco Marques vir potensiële vyande uit die OAE-groep, 'n baie wyer aksiestraal gee en maak dit lugbombardemente van die RSA en Rhodesië se industriële en nywerheidshartland 'n wesenlike en uitvoerbare gevaar.

DEFENCE INTELLIGENCE
DECLASSIFIED
2011-03-29

Wilson Center Digital Archive
Original Scan



d. Die vestiging van 'n onvriendelike swart meerderheidsregering in Mosambiek kan lei tot 'n grootskaalse uittog van die blanke element in Mosambiek. Onttrekking van blanke kapitaal en ondernemingsgees vanuit 'n gebied waar die swartman nog nie bekwaam is om die kern vir 'n behoorlike administratiewe infrastruktuur te vorm nie, gaan lei tot ekonomiese stagnasie en die kenmerkende politieke chaos en wetteloosheid wat onder soortgelyke omstandighede elders in Afrika ontstaan het. Die resultaat gaan verskerpte kommunistiese besoedeling wees met al die bygaande gevare wat dit vir die militêre beveiliging van die RSA inhou.

10. Die RSA, ander Suider-Afrika state en ook die Weste het gevestigde en potensiële ekonomiese belange in Mosambiek wat van militêr-verdedigbare waarde is:

a. Verskeie ekonomiese omstandighede verhoog die strategiese waarde van Mosambiek. Die ryk mineraalneerslae in veral die Tete-gebied behels, onder andere, yster, steenkool en uraan en daarby is hoëgraadse titanium, vanadium, koper, asbes en fluoor ook ekonomies daar ontginbaar. In hierdie lig gesien, verkry Mosambiek vir die Westerse lande strategiese waarde. Voorts, sal die elektrisiteitsvoorsiening vanaf die Cabora-Bassadam, waartoe die RSA finansieel bygedra het tot die omvang van ongeveer R400 miljoen, uiteindelik die RSA direk bevoordeel. Dié kragvoorsieningsbron het ook die potensiaal om 'n nywerheidskompleks gelyk aan die Witwatersrand te voed.

b. Voorts lê Mosambiek se groot ekonomiese strategiese waarde daarin dat die gebied vir Swaziland, Rhodesië, Zambië en Malawi van 'n eie toegang tot die Indiese Oseaan ontsê. In hierdie verband is die volgende opmerkings aangaande die verbindingstelsels deur Mosambiek, strategies belangrik:

i. Lourenco Marqueshawe en die LM-Transvaal spoorlyn dra 'n groot RSA in- en uitvoerverkeer. Sonder hierdie fasiliteite kan die verkeer in die Durbanschawe dermate verhoog dat opeenhoping in dié hawe die RSA se ekonomie kan strem.

DEFENCE INTELLIGENCE
DECLASSIFIED
2011-03-29
D.M. CHAMBERS
82425760PE W01

Wilson Center Digital Archive Original Scan



ii. Sonder die Lourenco Marques-Malvernia spoorlyn en die Beira-Umtali spoorlyn sal die Rhodesiese ekonomie doodbloei. Vir die huidige sal Rhodesiese in- en uitvoere dan nog per spoorlyn deur die RSA via Botswana moontlik wees, maar selfs wanneer die RSA en Rhodesië direk per spoor verbind is, gaan dit die Rhodesiese ekonomie strem. Buitendien gaan die laaste alternatief nog verdere opeenhoping in ons hawens en oorlading van ons spoorlyne tot gevolg hê.

DEFENCE INTELLIGENCE DECLASSIFIED 2011-03-29 CM. CHAMBERS 32425766PE WO1

iii. Ook vir Zambië het die veel korter spoorverbindings via Umtali na Beira, of via Malawi na Beira of na Ncala groot waarde. Trouens, hierdie verkeer is vir Zambië weens die korter afstand baie meer ekonomies as wat goedere-verkeer langs die TANZAM-spoorlyn gaan wees. Die ekonomiese waarde vir Zambië van 'n eie toegang tot die Indiese Oseaan, is so hoog dat dit onder omstandighede van politieke chaos in Mosambiek, maklik Zambiese drange tot besetting van die Zambesie-vallei, kan aktiveer.

11. Gevolgtrekkings. Dit volg uit die voorgaande oorwegings dat die RSA se aktiewe militêre betrokkenheid in Mosambiek ten doel behoort te hê:

a. die gebruik van Mosambiekse terrein vir die lei van terroriste-operasies teen die RSA, Rhodesië of Swaziland te verongeluk;

b. die voorkoming van die gebruik van Lourenco Marques en/of Beira as vyandiggesinde vlootbasisse waar logistieke opbouing vir 'n konvensionele aanslag teen die RSA, Rhodesië en Swaziland kan plaasvind;

c. die voorkoming van die gebruik van lughawens te Lourenco Marques en Beira as basisse vanwaar daar deur vyandiggesinde lugmagte teen die RSA geopereer kan word;

d. beveiliging van dié spoor- en padverbindings wat vir die RSA belangrik en vir Rhodesië lewensbelangrik is.

Original Scan
Wilson Center Digital Archive



e. Bekamping van die militante kommunistiese aanslag op Suider-Afrika tot beswil van alle State en inwoners van Suider-Afrika.

12. Samevattend. Die RSA het sterk ekonomiese, politieke en veiligheidsbelange in 'n goedgesinde Mosambiek. Trouens, 'n nadelige verandering van die situasie in Mosambiek veral deur die vestiging van Rooi Sjinese invloed daar en deur Russiese beheer oor ons nabye Oostelike seewaters en seeroetes, bedreig nie net genoemde belange nie, maar kan die vreedsame ontwikkeling en uitbouing van nasionale doelstellings binne in die RSA, ingrypend versteur en bemoeilik. Alle tekens dui daarop dat vroeë voorkomende optrede, selfs deur militêre intervensie, deur die RSA ter voorkoming van so 'n situasie in Mosambiek, 'n beter kans staan om ons ekonomiese en veiligheidsbelange binne die relevante gebiede van Mosambiek te verseker as wanneer die RSA en belanghebbendes gedwonge moet probeer om beskadigde belange te herstel.

Wilson Center Digital Archive
Original Scan



MILITARY INTELLIGENCE
DECLASSIFIED
2011-03-2
J.M. CHAMBERS
92425760PE WO1

DEEL 3 : DIE BEVOLKINGSAMESTELLING VAN MOSAMBIEK EN DIE GEBIED SE POLITIEKE TOEKOMS

13. Algemeen. Die totale bevolking van Mosambiek is na raming 8 miljoen waarvan 1/4 miljoen blanke Portugese, 2000 ander blanke Europeane en die res 'n swart inheemse bevolking is. Die bevolkingsverspreiding volgens Kaart B7 toon groter konsentrasie in Lourenco Marques en noordwaarts langs die kuslyn tot by Inhambane. So is daar ook groter konsentrasies in Beira en onmiddellike omgewing, by Quelimane en in die Nampula-gebied. Ook in die gebied van Tete en van Moatize waar daar steenkool ontgin word, word daar digter bevolkingskonsentrasies aangetref wat nie op die kaart aangetoon word nie. In die algemeen word die binnelandse streke yl-bewoon deur bantoestamme, maar in die omgewing van Vila Pery langs die Beira-Umtali pad en -spoorlyn word ook ryk blanke boerderynedersettings aangetref. Lourenco Marques en die kusstrook onmiddellik noord daarvan vorm tans die hart van ekonomiese bedrywighede in Mosambiek en huisves meer as 50% van die totale blanke bevolking. Noord van Inhambane is die origo blankes eers weer in noemenswaardige digtheid in Beira en verder noord in geïsoleerde kolle versprei.

14. Die Etniese Samestelling van die Swart Bevolking van Mosambiek. Kaart B6 het betrekking. Mosambiek se sowat 7,75 miljoen swart inwoners bestaan uit vyf hoof etniese groepe, naamlik die Swahili, die Nyanja (soms ook na verwys as Mananja), die Makua, die Thongaans (waaronder ook die Sjanghaans) en 'n klein element Swazi. Binne hierdie etniese groepe bestaan daar enkele stamme wat die blanke baie vyandiggesind is, soos die Makonde (in Noordoostelike Mosambiek) en die Barques (in die Tete, Vila Pery gebied) onder wie die vlaag van terroriste-besmetting baie vinnig versprei het. In die algemeen egter, voer die swart bevolking van Mosambiek nog 'n bestaansekonomie en veral in die plattelandse gebiede vier stamgewoontes en tradisionele stam- en groepsgebruike hoogty. In die stedelike en dorpsgebiede word groot getalle opgevoede swart Mosambiek-burgers aangetref wat op grond van opvoedkundige bekwaamheid ook om poste in die staatsdiens kan meeding. Die invloed van die swart Mosambiekburger op die infrastruktuur vir staatsbestuur en sy rol in die ekonomiese bestuur van die land, is egter nog

Wilson Center Digital Archive Original Scan

DECLASSIFIED
2011-03-29
D.M. CHAMBERS
92425760PE W01



minderwaardig. Dit kan sonder vrees van teenspraak beweer word dat sonder die blanke element die staatsdiens en ekonomie van Mosambiek in duie sal stort. Rasseskeiding in Mosambiek word nie ooreenkomstig wetlike sanksies afgedwing nie, maar word op natuurlike wyse deels gehandhaaf uithoofde van stam- en etniese gebruik. In die plattelandse gebiede voer die swart Mosambiekburger 'n vreedsame bestaan en staan hy passief teenoor die sogenaamde "blanke oorheersing", maar hy word maklik deur woord, daad en geweld beïnvloed. Hierteenoor word haat vir die blanke by die meer opgevoede swartman in die dorps- en stedelike gebiede deur kommunistiese invloede aangeblaas en word die blanke Portugees as oorheerser, onderdrukker en ekonomiese bloedsuier voorgehou. Dit volg uit die voorgaande dat:

a. tydens militêre operasies in Mosambiek daar benewens die aktiewe terroriste-teenstand, ook militante weerstandskolle in stedelike en dorpsgebiede verwag kan word; die meerderheid van die swart Mosambiekburgers sal 'n passiewe houding teenoor besettingsmagte inneem. Trouens, solank hierdie plattelandse meerderheid se tradisies en menswaardigheid gerespekteer word, kan hulle guns en samewerking verwag word.

b. die etnologiese verspreiding van die swart Mosambiekburgers, oorweging behoort te geniet by die bepaling van militêre operasiedoelwitte en gebiede.

c. die verwagte neutralisering van die blanke element in die staatsdiens en in die ekonomie, tydens die bestuur van 'n swart meerderheidsregering, die kiem inhou vir die ontketening van militante etnologiese botsings en wanordelike staatsadministrasie.

15. Die Politieke Bedeling in Mosambiek. Staatkundig vorm Mosambiek 'n oorsese provinsie van Portugal. Voor die militêre staatsgreep van 25 April 1974 in Portugal, is die land en sy provinsies deur 'n absolute diktatuur geregeer. Demokratiese verkiesings het meer as veertig jaar gelede laas in Portugal plaasgevind. Die provinsies is in naam van die diktatuur in Portugal, deur aangestelde militêre goewerneurs regeer. Vir die doeleindes van plaaslike administrasie is Mosambiek soos op Kaart B2 aangetoon, in nege administratiewe divisies

Wilson Center Digital Archive
Original Scan



DECLASSIFIED
2011-03-29
D.M. CHAMBERS

(distrikte) ingedeel elk onder 'n distrikshoof wat direk aan die militêre goewerneur verantwoording verskuldig is. Die militêre goewerneur is ook die hoof van die militêre magte en staatsdiens, maar die polisie, dws lede van die sogenaamde Direktoraat-generaal Staatsekerheid, het onder direkte bevel van die DGS hoofkwartier in Lissabon gestaan en het weens hulle oppermag en ongenaakbare optrede, die onmin van blank sowel as nie-blank op die hals gehaal. Die huidige militêre junta se verklaarde politieke doelstelling beoog die uiteindelike instelling van verteenwoordigende demokratiese regerings, ook in die provinsies, deur middel van vroeë vrye verkiesings. Dit sal dan uiteindelik lei tot die soewereine onafhanklikheid van die provinsies wat saam met Portugal in 'n losse staatkundige konfederasie verbind sal wees vir die bevordering van gemeenskaplike kultuur, ekonomiese en verdedigingsake. Die praktiese implementering van dié doelstelling word tans bemoeilik deur die langdurige gebrek aan politieke seggenskap by die gewone Portugese burger en die gevolglike afwesigheid van 'n georganiseerde kieserskorps. Vrylating van die sosialistiese en kommunistiese politieke gevangenes wat voorheen vyande van die diktatuur was, gee aan hierdie party-elemente 'n voorsprong wat betref bedrewenheid in politieke organisering. In Mosambiek gee die militêre junta se politieke doelstellings aanleiding to 'n seskantige politieke strewe by die kieserskorps.

a. Daar is diegene wat die bestaan van die militêre junta aanvaar maar wat 'n afkeur het aan enige vorm van politieke of staatkundige verandering. Diegene glo dat ongekwalifiseerde politieke seggenskap aan die Mosambiekburgers uiteindelik moet lei tot swart meerderheidsregering wat sinvolle blanke teenwoordigheid in Mosambiek onmoontlik kan maak. Die meerderheid blankes behoort aan hierdie groep.

b. Daar is die sogenaamde Spinola-groep, aanhangers van die huidige militêre junta, wat voorstaanders is van die geleidelike politieke ontvoogding van Mosambiek deur 'n proses van politieke evolusie en vrye demokratiese verkiesings. Naas die gematigde demokratiese ondersteuners van hierdie beleid, kry ons ook in hierdie kategorie die sosialiste en die kommuniste as

DEFENCE INTELLIGENCE DECLASSIFIED

Wilson Center Digital Archive
Original Scan



vyande van ons kapitalistiese stelsel, wat oor beter politieke bedrewenheid beskik as die gematigde element.

c. Daar is ook die militante swart "vryheidsvegters" - die Frelimo wat hulle beywer vir onmiddellike onafhanklikheid van Mosambiek onder 'n swart meerderheidsregering.

d. In die laaste plek tref ons die passiewe swart massas aan vir wie die politieke bedeling nie belangrik is nie, solank hulle nie in hulle tradisionele leefwyse en stamgewoontes gesteur word nie. Hierdie groep wat na skatting die grootste persentasie van die Mosambiekse swart bevolking verteenwoordig, is hoofsaaklik ongeletterd, ongekunsteld en maklik oorreedbaar deur woord, daad en geweld. Ingeval van vrye verkiesings sonder gekwalifiseerde stemreg, kan hierdie groep huidig die politieke pendilum in enige rigting laat swaai.

16. Die Politieke Toekoms van Mosambiek. 'n Atmosfeer van politieke onduidelikheid en afwagting hang huidig oor Mosambiek en totdat die Spinola-bewind se politieke doelstellings prakties begin uitkristalliseer, is dit onmoontlik om die politieke toekoms van Mosambiek en die politieke bedeling daarin, akkuraat te probeer bepaal. Aangewys op die Spinola-bewind se verklaarde doelstellings kan, deur 'n militêre bril, die volgende afleidings van die politieke situasie gemaak word wat oor die kort, die medium en langtermyn 'n uitwerking mag hê op die RSA se militêre betrokkenheid met betrekking tot Mosambiek:

a. Oor die korttermyn (1-½ tot 2 jaar vorentoe) kan verwag word dat:

i. solank die Frelimo weier om na die konferensie-tafel te gaan, bekamping van aktiewe militante terrorisme verskerp gaan word in belang van ordelike regering in Mosambiek en in belang van vreedsame naasbestaan tussen blank en swart in Suider-Afrika; 'n versoek om RSA aktiewe militêre hulp in so 'n geval, is nie uitgesluit nie selfs

DEFENCE INTELLIGENCE
DECLASSIFIED
2011-03-29
D.M. CHAMBERS
32425760PE WO1

Wilson Center Digital Archive
Original Scan



al bestaan daar volgens woordvoerders van die Portugese owerheid, tans nie so 'n moontlikheid nie.

ii. die blanke bevolking van Mosambiek toenemende teenkanting gaan openbaar vir die deurvoering van die Spinola-doelstellings; dit sal veral die geval wees indien aktiewe terrorisme verder gaan uitbrei.

b. Oor die mediumtermyn (2 tot 5 jaar vorentoe) kan verwag word dat:

i. 'n intense subtiele aanslag op die passiewe bevolkingselemente gemaak gaan word deur die voorstanders van die Sosialiste en die Kommuniste partye;

ii. die kommunisties-geïnspireerde terroriste-aanslag suidwaarts uitgebrei gaan word en die Spinola-bewind die RSA om militêre hulp kan vra vir die bekamping daarvan;

iii. 'n grootskaalse polarisering van die kieserskorps in blanke en nie-blanke politieke partye gaan plaasvind;

iv. deurvoering gaan plaasvind van die Spinola-bewind se belofte van vrye verkiesings, wat, indien dit geskied op 'n grondslag van ongekwalifiseerde stemreg, 'n swart meerderheidsregering in Mosambiek tot gevolg gaan hê.

c. Oor die langtermyn (na 1979) kan verwag word dat:

i. Frelimo aan die kant van die Kommunistiese party in Mosambiek gaan skaar en 'n politieke magsblok in Mosambiek gaan word;

ii. 'n swart meerderheidsregering in Mosambiek, met 'n afkeur in blanke regerings in die RSA en Rhodesië, Mosambiek se terrein gaan leen as lanseerplek vir

(a) aktiewe terrorisme wat teen die RSA en Rhodesië opereer;

DEFENCE INTELLIGENCE
DECLASSIFIED
2011-03-29
O.M. CHAMBERS
92425760PE W01

Wilson Center Digital Archive Original Scan



DEFENCE INTELLIGENCE
DECLASSIFIED
2011-03-29
D.M. CHAMBERS
92425760PE WO1

(b) OAE-magte vir 'n konvensionele aanslag teen die RSA en Rhodesië. Met Beira en Lourenco Marques in simpatieke hande kan 'n konvensionele aanslag vanuit Mosambiek baie makliker logisties ondersteun word as deur Zambië en Botswana.

iii. 'n swart regering in Mosambiek die skyf gaan word van intense kommunistiese mededinging, dws van die Rooi Sjinese vir die vestiging van belange in die Uranium-ryk Tete en Zambesi-vallei, en van die Russiese Kommunisme vir die vestiging van 'n vlootbasis in Lourenco Marques vanwaar die Russiese teenwoordigheid in die Indiese Oseaan verstewig kan word. Hierdie kommunistiese mededinging sal gepaard gaan met die inpomping van soveel kommunistiese finansiële hulp, dat die RSA se eerlike aanbod van hulpverlening ter uitbouing van Mosambiek se ekonomiese potensiaal in belang van Mosambiek self, op dowe ore gaan val.

iv. polarisering van die blanke-swart kloof sodanig gaan verskerp dat 'n blanke staatsgroep teen 'n swart meerderheidsregering kan materialiseer en gepaard kan gaan met 'n versoek aan die RSA om militêre hulp, om homself te handhaaf.

v. indien iv nie materialiseer nie, daar so 'n grootskaalse uittog van blankes uit Mosambiek gaan plaasvind dat die gebied ekonomies sal verval en administratief in chaos gaan verkeer. So 'n warboel sal die ideale omstandighede skep vir die vestiging van 'n kommunistiese regering in Mosambiek of vir 'n anneksasiewedloop om gebiede daarvan deur ander Afrika State.

vi. die groot element swart Mosambiekse soldate - sowat 40 000, wat tans teen die Frelimo veg, deur 'n Frelimo-bewind as onwelkom beskou sal word. Weerwraakmaatreëls mag volg wat hierdie groep aan die kant van die blankes in iv hierbo kan

Wilson Center Digital Archive Original Scan



laat skaar. Dit is ook moontlik dat hierdie elemente hulle aan die kant van die SAANC-beweging sal skaar vir militante optrede teen die RSA, of dat hulle deur 'n Frelimo-bewind op konvensionele grondslag georganiseer kan word vir aanwending deur die OAE teen die RSA of Rhodesië.

17. Samevattend. Die RSA se bydrae van aktiewe militêre hulp ter bekamping van 'n gemeenskaplike vyand is nie net in eie veiligheidsbelang nie, maar is ook in belang van vreedsame ontwikkeling van Suider Afrika. Dit is duidelik dat die RSA se aktiewe militêre betrokkenheid met betrekking tot Mosambiek ter enige tyd oor die kort, medium of langtermyn kan materialiseer deur positiewe reaksie op vertoë vanaf die Spinola-bewind of op latere versoek van 'n blanke opstandsbewind wat 'n swart meerderheidsregering in 'n staatsgreep omvergooi. Dit is ook moontlik dat RSA-belange tuis en in Mosambiek deur politieke toestande in Mosambiek of deur potensiële ongunstige politieke toestande daar dermate bedreig word dat militêre intervensie deur die RSA nodig mag raak ter beskerming en handhawing van sodanige belange. Wanneer sodanige militêre betrokkenheid materialiseer sal RSA troepe altyd te staan kom voor 'n interne situasie van aktiewe militêre teenkanting (veral deur die Frelimo-element), van passiewe waarneming deur die massas van plattelandse swart Mosambiekburgers en van openlike ondersteuning veral van die kant van die blanke bevolkingselement. In geval van gedwonge eie besetting van 'n deel of gedeeltes van Mosambiek moet hierdie bevolkingshoudings en etnologiese groeperings in oorweging geneem word by die bepaling van besettingsgrense en optrede deur troepe.

DEFENCE INTELLIGENCE
DECLASSIFIED
2011-03-29
D.M. CHAMBERS

Wilson Center Digital Archive
Original Scan

DECLASSIFIED
2011-03-29
D.M. CHAMBERS
82425760PE WO1



DEEL 4 : FAKTORE WAT MILITêRE OPERASIES
IN MOSAMBIEK GAAN BEïNVLOED

GEOGRAFIESE FAKTORE

18. Die Staatkundige Ligging van Mosambiek. Mosambiek grens aan ses afsonderlike onafhanklike state. Dit het 'n gemeenskaplike grens van ongeveer 700 km met Tanzanië langs die Rovumarivier; dit grens vir ongeveer 1 250 km aan Malawi; vir ongeveer 450 km word 'n ongedefineerde grenslyn met Zambië gehandhaaf terwyl dit vir ongeveer 1 250 km 'n gemeenskaplike grens het met Rhodesië langs die beboste en bewoude hoër westelike dele. Mosambiek se grenslyn van ongeveer 140 km met Swaziland verdeel die Portugese gebied se gemeenskaplike grens met die RSA in twee dele, naamlik 'n grenslyn van ongeveer 375 km met Transvaal en van ongeveer 125 km in die Suide met Natal. Van hierdie ses state bied die swart state, Tanzanië en Zambië, afspringplek vir Frelimo-operasies teen die wettige bewind in Mosambiek; die swart state Malawi en Swaziland staan tans neutraal teenoor die blanke bewind van Mosambiek terwyl die blank-beheerde RSA en Rhodesië 'n lang geskiedenis van ekonomiese en verdedigingsamewerking met Mosambiek het. Laasgenoemde samewerking, vriendskaplike verhoudings en vreedsame buurskap kan verongeluk word indien 'n vyandiggesinde of onsimpatieke plaaslike bewind in Mosambiek die RSA en Rhodesië se ekonomiese en veiligheidsbelange bedreig.

19. Die Algemene Militêre Kwesbaarheid van Mosambiek. Vir die oorwoë besetting van die hele Mosambiek deur enige aggressor is vroeë militêre beheer oor die volgende algemene gebied van groot belang: Beira - Vila Pery - Chemba - Qualimane. Daardeur sal die plaaslike magte gedwing word om langs drie verskillende fronte te veg terwyl die plaaslike magte in Tete-gebied totaal afgesny sal wees. Besetting van hierdie gebied vereis seelandingsoperasies en luglandingsoperasies vir die stigting van 'n brughoof by Beira vanwaar landwaartse operasies na binnelandse teikengebiede gevoer kan word. Met die samewerking van

/Rhodesië kan ..............

Wilson Center Digital Archive Original Scan

DECLASSIFIED
2011-03-29
D.M. CHAMBERS
32425760PE WO1



Rhodesië kan landwaartse operasies ook vanaf die Rhodesië/Mosambiek grens binne hierdie algemene teikengebied gelei word. Dit word herbevestig dat die besetting van die gebied hierbo beskryf alleen van kardinale belang is vir 'n aggressor wat teen oorwoë plaaslike weerstand die hele Mosambiek wil beset. Vir die besetting van enige mindere teikengebiede in Mosambiek deur landwaartse operasies, sal twee hoof operasie-vereistes altyd oorwegend wees, naamlik presiese omlyning van die teikengebied en effektiewe flankbeskerming om enige hoofinvalspoging asook opvolgende besetting van die teikengebied, teen aktiewe militêre inmenging te beskerm. In die lig hiervan, is dit nodig om kennis te neem van die mate waartoe geografiese eienskappe en omstandighede in Mosambiek landwaartse operasies van besettingsmagte sal beïnvloed.

20. Algemene Topografie. Kyk Kaart B1. Mosambiek kan hoofsaaklik verdeel word in 'n breë kusvlakte en binnelandse hooglande, veral in die westelike gebiede langs die grense met Transvaal, Rhodesië en Zambië.

a. Die Kusvlakte. Dit beslaan die grootste gedeelte van suidelike Mosambiek. In die noorde is die kusvlakte ongeveer 80 km breed maar in die suide by Lourenco Marques is dit ongeveer 330 km breed. Die kusvlakte is gelyk laagland van sowat 500 vt bo seespieël, dit is baie sanderig en in die reënseisoen is dit ook baie moerasagtig - ook in die omgewing van binnelandse riviere wat in die gelyk laagland dikwels hulle walle oorstroom en die omliggende gebied in moerasse omskep. Langs die kus strek 'n smal kuslyn van 0,5 tot 1,5 km wydte, wat met tropiese palms en wilde piesangbome begroei is; die kusvlakte self is minder dig bebos waar hoofsaaklik Lalapalm en grasveld aangetref word. Gemeganiseerde operasies in die kusstrookgebiede sal baie moeilik wees aangesien beweging hoofsaaklik tot die paaie beperk sal wees.

/b. Die .................

Wilson Center Digital Archive Original Scan

2015-03-29
D.M. CHAMBERS
82425760PE WO1



b. Die Hooglandgebiede. Dit word veral langs die grense met Rhodesië, Zambië en Malawi aangetref en strek tot 'n gemiddelde hoogte van 3 000 vt bo seevlak. Die hooglande is baie gebroke terrein en is met struike en bos begroei terwyl die riviervalleie di[...] bebos is. Die algemene topografie van die hooglande is bevorderlik vir terroriste-operasies asook vir oorwoë konvensionele infanterie-operasies. Voorts, langs die hoogland-grenslyn met Rhodesië begunstig die algemene hooglandplato die westelike verdediger meer as wat dit bevorderlik is vir aanvalle vanuit die Ooste.

21. Klimatoriese Faktore mbt Mosambiek. Klimatoriese faktore wat 'n invloed mag uitoefen op landwaartse sowel as lugoperasies, word in Aanhangsel C uiteengesit. Die belangrikste gevolgtrekkings wat daaruit gemaak kan word is:

a. Die klimaat en reënvalspatroon dui op 'n voorkeur aan winteroperasies.

b. Vir winteroperasies sal die benutting van natuurlike hindernisse soos riviere en moerasse wat normaalweg standhoudend is, belangrik wees.

22. Natuurlike Hindernisse. Binnelandse moerasse en mere, veral langs die kuslyn asook beboste plantegroei bemoeilik landwaartse beweging. Bykomend is Mosambiek se baie riviere meesal met Bilharsia besmet en vorm die riviere gewoonlik dwarsdeur die jaar hindernisse vir gemeganiseerde militêre operasies. Insgelyks vorm die hoofriviere wat hieronder behandel word, natuurlike en relatief maklik verdedigbare grense veral teen oorwoë konvensionele aanslae:

a. Die Malawimeer - Rovumarivier. Dit vorm Mosambiek se Noordwestelike grens met Malawi en die Noordelike grens met Tanzanië. In die hoogliggende gebiede raak die rivier soms in die wintermaande droog, dog andersins is dit standhoudend en vorm dit 'n verdedig-

/bare militêre .............

Wilson Center Digital Archive Original Scan



2011-03-29
D.M. CHAMBERS
32425760PE WO1

bare militêre hindernis veral teen 'n oorwoë konvensionele aanslag.

b. Die Zambesieriviervallei. Dit is 'n natuurlike hindernislyn wat strek vanaf Mosambiek se Wesgrens met Zambië tot waar dit by Chinde in die Indiese Oseaan uitmond. By die voltooiing van die Caborra Bassadam sal die watermassa tot by die westelike Mosambiek/Zambië grens opstoot en 'n binnelandse meer vorm wat relatief maklik deur patrolliebote beveilig sal kan word. Die rivier is standhoudend en 'n militêre hindernis waarop 'n effektiewe verdedigingslyn ingerig kan word.

c. Die Púnguérivier. Dit vloei vanaf die hooglande in die Umtali-gebied tot suid van die Beirahawe. In die hooglande is die rivier snelvloeiend en vorm dit soms in die wintermaande nie 'n waterhindernis nie. In die kusvlakte gaan die loop van die rivier gepaard met wydvertakte moerasse wat militêre operasies in alle opsigte sal strem.

d. Die Saverivier. 'n Waterhindernis wat in Rhodesië in 'n Suid-oostelike rigting vloei en by Mavué ooswaarts swaai om by Nova Mambone in die Indiese Oseaan uit te mond. Dit vloei hoofsaaklik deur die kusvlakte gebied, is in Mosambiek standhoudend en vorm 'n maklik verdedigbare natuurlike hindernislyn - ook in Rhodesië.

e. Die Limpoporivier. Ontspring in Botswana, vorm die grens tussen Rhodesië en die RSA, sny by Pafurri die gebied van Mosambiek binne, vanwaar dit Suidooswaarts vloei om by Joao Belo in die Indiese Oseaan uit te mond. Gedurende die reënseisoen wanneer die rivier in vloed is, is dit 'n militêre hindernis, origens kan dit slegs van relatiewe vertragingswaarde wees wanneer die trein- en padbrûe daaroor, veral nader aan die kuslyn, vernietig sou word. In militêre

/sin dus, het die ..........

Wilson Center Digital Archive
Original Scan



sin dus, het die Limpoporivier taktiese waarde maar dit het nie militêre strategiese waarde nie in die sin dat dit 'n blywende natuurlike element vir 'n effektiewe verdedigings- of afsonderingslyn kan vorm nie.

f. Suid van die Limpoporivier tref ons korter riviere aan wat hinderniswaarde tydens militêre operasies in die gebied kan hê en die brûe en ander oorgange daaroor belangrike militêre teikens maak. Die belangrikste van hierdie riviere is:

i. Die Umbeluzirivier - ontspring in Swaziland, is in die kusvlakte stadigvloeiend, standhoudend en 'n natuurlike hindernis.

ii. Die Tamberivier - ontspring in die Lebomboberge, is naby die kus stadigvloeiend, standhoudend en baie moerasagtig.

iii. Die Maputorivier ontspring in Noord-Natal, en vorm 'n breë, moerasagtige vallei in die omgewing van Catuana. Dit vloei Noordooswaarts om in Delagoabaai Noord van Bella Vista uit te mond.

iv. Ander riviere wat van taktiese hinderniswaarde kan wees op pad tussen Komatipoort en Lourenco Marques, is die Incomati, die Matola en die Mololorivier. Operasiebeplanning moet hiervan kennis neem.

DEFENCE INTELLIGENCE
DECLASSIFIED
2011-03-29
D.M. CHAMBERS
02425760PE WO1

23. Samevattend. Die riviere van Mosambiek sal stremmende invloede op ongereelde sowel as konvensionele operasies binne die gebied hê. Weens die taktiese waarde van almal en die militêr-strategiese waarde van riviere soos die Rovuma-, die Zambesie-, die Púnguè- en die Saverivier moet die riviere noodwendig belangrike gewig dra by die bepaling van operasieteikengebiede.

VERBINDINGS

24. Padverbindings. Mosambiek word bedien deur enkele hoofpaaie, terwyl heelwat sekondêre en meesal swak ontwikkelde

/tersiêre paaie ...........

Wilson Center Digital Archive Original Scan



tersiêre paaie ook bestaan. Weg van hoofpaaie word beweging baie gestrem deur moerasagtige gebiede. Die volgende besonderhede aangaande hoofpaaie is operasioneel belangrik:

a. 'n Hoofweg verbind die RSA via Komatipoort met Lourenco Marques.

b. Die enigste hoofweg na die noorde van Mosambiek verbind die hoofdorpe langs die kuslyn tot by Macovane vanwaar hierdie hoofpad Noordweswaarts die binneland insny om die Beira-Umtali teerpad by Inchope te kruis om vandaar deur Vila Pery na Têtе en tot by Chicoa te gaan. Sonder hierdie Noord/Suid hoofweg wat in elk geval by talle hindernisse baie kwesbaar is, is alle padverbinding tussen die Noorde en die Suide op swak sekondêre paaie aangewys. Makliker verbinding met Lourenco Marques sal in so 'n geval per lug of seewaarts bewerkstellig kan word.

c. Die Beira - Dondo - Vila Pery - Umtali teerpad is van besondere ekonomiese waarde vir Rhodesië asook vir die boerdery bedryf in die Vila Pery distrik.

d. Die Beira-Dondo-Inhaminga-Mutarara pad verbind Malawi met die Indiese Oseaan netsoos die Quelimane-Milange pad dit ook doen.

e. Voorts word die Noordoostelike deel van Mosambiek deur die volgende oos-wes sekondêre paaie bedien waarop beweging soms deur swak oppervlakte toestande gestrem word, maar waardeur in elk geval ook padverkeer tussen Malawi en die betrokke hawedorpe moontlik raak:

i. Pad vanaf hawedorpe Macambique en Nacala - Nampula - Nova Freixo - Mandimba - Vila Cabral.

ii. Pad vanaf hawedorp Porto Amélia - Monte Puez - Marrupa - Vila Cabral.

/23. Samevattend .........

DEFENCE INTELLIGENCE DECLASSIFIED 2011-03-29 D.M. CHAMBERS 82425760PE W01

Wilson Center Digital Archive Original Scan

DECLASSIFIED 2011-03-29 D.M. CHAMBERS 92425760PE WO1



25. Samevattend. Mosambiek se padverbindingsnetwerk is hoofsaaklik toegespits op swak sekondêre paaie waardeur militêre operasies gestrem sal word. Voorts is die Noord-Suid hoofpad van militêre strategiese waarde veral mbt die padverplasing van troepe en die landwaartse logistieke ondersteuning van operasies in enige sektor van Mosambiek.

26. Spoorverbindings. Alhoewel enkele binnelandse plaaslike spoorverbindings bestaan, is die volgende hoofspoorlyne vanaf hawedorpe na die binneland van groot strategiese en ekonomiese waarde vir alle gebruikers daarvan, trouens vir Rhodesië en Malawi is sommige van die spoorlyne van lewensbelang vir die landsekonomie.

a. Lourenco Marques - RSA spoorlyn met 'n aftakking na Swaziland.

b. Lourenco Marques - Malvernia (Rhodesië) spoorlyn. Verlamming van ander korter haweverbindings deur terroriste-aktiwiteite maak hierdie spoorlyn tans lewensbelangrik vir die Rhodesiese ekonomie.

c. Beira - Umtali (Rhodesië) spoorlyn wat ook Zambië met Beira verbind. Sluiting van Rhodesiese grense met Zambië en aktiewe terroriste bedrywigheid langs hierdie spoorlyn, het die gebruik daarvan nadelig beïnvloed. Onbelemmerde benutting van hierdie spoorlyn is vir die Rhodesiese en Zambiese ekonomie van groot ekonomiese belang.

d. Die Beira - Malawi spoorlyn wat by die spoorkop Salima in Malawi deur padverbinding met Zambië, vir laasgenoemde 'n alternatiewe verbinding met die Indiese Oseaan daarstel.

e. Die Ncala - Nampula - Nova Freixo - Malawi spoorlyn.

27. Samevattend. Die rol van Mosambiek in die ekonomiese blokkasie van binnelandse state (Swaziland, Rhodesië, Zambië en Malawi) van toegang tot nabye hawefasiliteite aan die Indiese Oseaan word deur die spoorlyne en gepaardgaande padvervoerfasiliteite beklemtoon. Die bestaan en onbelemmerde

/benutting van .............

Wilson Center Digital Archive Original Scan



DECLASSIFIED 2011-03-29 D.M. CHAMBERS 82425760PE WO1

benuttig van hierdie fasiliteite het soveel strategiese ekonomiese waarde vir die hinterlande dat ontsegging van die gebruik daarvan maklik 'n casus belli kan raak veral tydens 'n situasie van politieke warboel en ondoeltreffende administrasie in Mosambiek self.

28. Seeverkeer.

a. Meeste van Mosambiek se groter dorpe is ook hawedorpe waar hawefasiliteite van varieërende kwaliteit en kapasiteit beskikbaar is. Die belangrikste hawedorpe in Suid-Noord volgorde is Lourenco Marques, Inhambane, Beira, Chinde, Qeulimane, Mocambique, Ncala, Porto Amelia. Afgesien van hierdie hawedorpe is daar nog vele ander kusdorpe waar kleiner seevaartuie kan land.

b. Wat seevaart in die algemeen betref is dit nodig om daarop te let dat 'n matige deining van golwe vanuit 'n suidelike en oostelike rigting dikwels in die Mosambiekkanaal voorkom veral gedurende die tydperk Mei tot Augustus. Hierteenoor kom 'n gematigde deining vanuit 'n noordelike en oostelike rigting minder dikwels in die noordelike kanaal voor gedurende die reënseisoen.

c. Die Portugese seevuis in Mosambiek is minderwaardig klein en wissel in wese van twee tot vier fregatte. Vir seewaartse verplasing van troepe kan wel van die Portugese handelsvaartuie (wanneer dit langs die Mosambiekkus teenwoordig is) gebruik gemaak word.

d. Gevolgtrekking. Landwaartse operasies in Mosambiek behoort gepaard te gaan met 'n eie aktiewe teenwoordigheid van vlootpotensiaal in die Mosambiekkanaal selfs al word die vyandelike aanvanklike vlootbedreiging as feitlik ignoreerbaar beskou. Sodanige eie teenwoordigheid kan moontlik latere vyandelike vlootreaksie teenwerk.

/29. Lugverkeer ............

Wilson Center Digital Archive Original Scan

DECLASSIFIED
2011-07-29
D.M. CHAMBERS
82425760PE WO1



29. Lugverkeer.

a. Beskikbare lughawens in Mosambiek word op Kaart B8 aangedui.

b. Beskikbare lugvaartpotensiaal in Mosambiek bestaan hoofsaaklik uit:

i. Die Fiat G9I straalvliegtuie op Lourenco Marques en/of op Beira. Vir latere inmenging in die suidelike gebiede van Mosambiek sal hulle vanaf Beira-lughawe moet optree.

ii. Geringe militêre lugverplasingspotensiaal deur enkele Noratlas vliegtuie wat Suid van Beira ook op Vilanculos en op Inhambane kan land. Vir vrywaring teen lugmaginmenging is die vroeë besetting van die drie lughawens Suid van Beira, nodig tydens enige besettings-operasies in Suidelike Mosambiek.

iii. Die burgerlike lugvaartpotensiaal van DETA, wat moontlik die lugverplasing van troepe kan doen, beskik oor

4 x Boeing 737, en
3 x Fokker F27

iv. Die enigste internasionale lugdiens wat onder Portugese beheer is en Mosambiek te Lourenco Marques en Beira aandoen, is TAP.

c. Dit is duidelik dat tydens militêre operasies in Suidelike Mosambiek die lughawens te Lourenco Marques en Beira sleutelpunte is vir lugwaartse inmenging met sodanige operasies. Weens die afstand van lughawens verder noord van Beira en die aksiestraal van beskikbare militêre vliegtuie in Mosambiek tans, kan daar tydens neutralisasie van Beira en Suidwaartse lughawens nouliks met operasies in die Suidpunt van Mosambiek ingemeng word.

/TROEPEPLASINGS IN .........

Wilson Center Digital Archive

Original Scan



TROEPEPLASINGS IN MOSAMBIEK

30. Daar is tans sowat 65 000 troepe in Mosambiek waarvan sowat 40 000 plaaslike troepe is en die res Metropoltroepe is. Die meerderheid van troepe word tans volgens Kaart B8 in die Noordelike Horing en in die Tetegebied aangewend vir die bekamping van Frelimo-terroriste. Daar is ook kleiner basisse te Beira en in Vila Pery terwyl die Suidpunt van Mosambiek hoofsaaklik logistiekbasisse, opleidings- en ruskampe huisves. Die operasiehoofkwartier van die leër en die lugmag in Mosambiek, is tans te Nampula geleë. Die volgende oorwegings aangaande die huidige troepeplasings is relevant:

a. Wat betref 'n moontlike versoek om aktiewe RSA militêre hulp, is die huidige troepeplasings nie van uitstaande belang nie, maar ingeval van selfstandige optrede oor die Transvaal/Mosambiek grens is dit wèl 'n belangrike oorweging, bv selfs ingeval van beperkte optrede oor die grens om terroriste te bekamp, moet vooraf deeglik kennis geneem word van nabye troepeplasings. Tydens sodanige optrede in Mosambiek onder ongunstige politieke toestande kan die reaksietyd van Portugese troepe 'n belangrike faktor word.

b. By beeindiging van militêre operasies kan daar werkloosheid onder gedemobiliseerde swart Mosambiekse soldate intree. Sodanige soldate kan die bron van plaaslike rewolusie en opstand word; hulle mag selfs vir 'n lewensbestaan hulle gewig by die SAANC, ZANU en SAPU ingooi. Dit is selfs moontlik dat hierdie "werklose" soldate deur die OAE instandgehou kan word as die kern van 'n moontlike OAE konvensionele taakmag teen die RSA en Rhodesië.

DEFENCE INTELLIGENCE
DECLASSIFIED
2011-03-29
D.M. CHAMBERS
92425760PF WC1

Wilson Center Digital Archive
Original Scan



2011-03-29
D.M. CHAMBERS
WO1

## DEEL 5 : BEPALING VAN OPERASIEDOELWITTE IN MOSAMBIEK

31. Inleiding. Heersende militêre aktiwiteite, die ligging van verdedigbare eie of gemeenskaplike ekonomiese en ander belange, nasionale en groepveiligheidsoorwegings sowel as natuurlike hindernisse, bevolkingshoudings en etnologiese groeperings is die hoofeksponente waarvolgens operasiedoelwitte in Mosambiek bepaal behoort te word. Hiervolgens kan Mosambiek in drie hoofoperasiegebiede verdeel word wat agtereenvolgens in besonderhede ontleed sal word:

a. Die Noordelike Horing, dws die gebied Noord van die Zambesi en Oos van Malawi.

b. Téte en die Zambesivallei, wat breedweg gedefinieer word deur die gebied Wes van Malawi tot aan die grens met Zambië, die wesgrens met Noord-oos Rhodesië en die Púnguérivier as algemene lyn van die Suidelike grens.

c. Die Suidelike Sektor, dws die hele gebied van Mosambiek Suid van die Púnguérivier met insluiting van Dondo en Beira.

32. Die Noordelike Horing van Mosambiek. Hierdie gebied omsluit die administratiewe distrikte van Zambezia, Nampula, Cabo del Gado en Niassa. Dit is tans 'n terroris-besmette gebied en dit huisves die hoofkwartier van die Portugese militêre magte te Nampula. Die spoorlyn wat Malawi met die hawens van Mocambique en Ncala verbind is van internasionale belang terwyl dit vir die RSA en Rhodesië van belang is dat die hawedorpe Quelimane, Mocambique, Ncala en Porto Amélia nie in kommunisties-beheerde vlootbasisse omskep word nie. Die RSA en Rhodesië het geen ander verdedigbare belange in die gebied nie.

a. Direkte landwaartse betrokkenheid in hierdie gebied, kan egter moontlik raak indien die Portugese daarom sou vra en die RSA regering uithoofde van die verdediging van blanke solidariteit in Suider-Afrika sou besluit om sodanige direkte militêre hulp te

/verleen ..................

Wilson Center Digital Archive
Original Scan



D.M. CHAMBERS
32425760PF WO1

verleen. In so 'n geval sal eenheid van militêre bevel gehandhaaf moet word terwyl operasiebeplanning en -leiding op 'n gesamentlike militêre grondslag sal moet plaasvind. Om prioriteitsredes is 'n meesterplan vir landwaartse operasies in hierdie sektor, nog nie uitgewerk nie, maar dit word voorsien dat die hoofspore van Plan Tango ook hier van toepassing gemaak kan word, naamlik, normalisering van die militêre situasie daar deur effektiewe afsondering van terroriste insypeling oor die Rovumarivier gepaard met beplande doelgerigte opruimingsoperasies vanuit die Suide - dit alles opgevolg deur voortgesette handhawing van aktiewe voorkomende militêre teenwoordigheid langs die grenslyn met Tanzanië en die voorkoming van insypeling vanaf die see.

b. Die RSA het nie die vlootmag om die stigting van kommunistiese vlootbasisse langs hierdie kuslyn te verhinder nie. Effektiewe voorkoming daarvan sal dmv politieke en diplomatieke onderhandeling moet geskied.

33. Tête en die Zambesivallei. Hierdie gebied bestaan uit die Tête administratiewe distrik en 'n groot gedeelte van die Vila Pery en Beira-distrikte. Die gebied Tête is tans deur terrorisme besmet en in gebiede Noord van die Zambesi is kolle ookal onder terroriste beheer; hierdie besmetting het reeds in die geledere van die Barguesstam suidwaarts langs die grens met Rhodesië, uitgebrei tot by Vila Pery. Tans vorm hierdie gebied deel van die Portugese se noordelike verdedigingsektor, maar die Caborra Bassa gebied val onder 'n afsonderlike plaaslike militêre kommandement. Etnologies maak hierdie hele gebied deel uit van die Nyanja-taalgroep. Uit 'n militêre oogpunt is die volgende verdere oorwegings belangrik.

a. Verdedigbare Belange in Tête en die Zambesivallei.

i. Die terroristebesmetting in Tête is tans ook die stimulant van terroriste-aktiwiteite in Noordoos Rhodesië. Rhodesië en Mosambiek het

/dus 'n direkte

Wilson Center Digital Archive Original Scan



DEFENCE INTELLIGENCE
DECLASSIFIED
2011-03-29
D.M. CHAMBERS
82425760PE WO1

dus 'n direkte beveiligingsbelang in hierdie operasiegebied terwyl die RSA uithoofde van die noodsaaklike behoefte aan gesamentlike bekamping van die terroriste-aanslag teen blanke solidariteit in Suider-Afrika, ook 'n beveiligingsbelang in hierdie gebied het.

ii. Die RSA se ekonomiese belange in hierdie gebied behels 'n belegging van sowat R400 miljoen in die Caborra Bassa skema en die hoop van benutting van goedkoop hidro-elektrisiteit daarvandaan wat oor die langtermyn die RSA se nywerheidsgroei kan bevoordeel. Voorts het die RSA 'n R100 miljoen belegging in die steenkoolmyne by Moatize vanwaar steenkool vir gebruik by Yskor ingevoer word.

b. <u>Ander Internasionale Belange in Tête en die Zambesivallei.</u>

i. Hierdie gebied is vir Zambië en Malawi van strategiese betekenis in soverre dié gebied hierdie lande van 'n <u>beheerbare</u> toegang tot die Indiese Oseaan ontsê. Ekonomies is so 'n toegang vir 'n ontwikkelende Zambië van soveel belang, dat dit oor die langtermyn maklik die teiken van daadwerklike aggressie kan word. Trouens, 'n staat van politieke warboel en van militêre onvermoë in Mosambiek, kan maklik so 'n daad uitlok en vervroeg.

ii. Op grond van goeie buurskap benut Malawi tans die Beira-Dondo-Vila Fontes spoorlyn vir 'n groot deel van haar in- en uitvoere.

iii. Die ryk minerale neerslae in die omgewing van Tête en Moatize, veral die teenwoordigheid van ryk Uraniumneerslae daar, is van strategiese belang vir die stryd tussen die Weste en die Kommuniste. Dit word vermoed dat beheer oor

/die ontginning van .......

Wilson Center Digital Archive Original Scan



DEFENCE INTELLIGENCE DECLASSIFIED 2011-03-29 D.M. CHAMBERS 92425760PE WO1

die ontginning van hierdie minerale neerslae een van die belangrikste ekonomiese doelwitte van Rooi Sjina in Oos-Afrika is.

c. Die Militêre Verdedigbaarheid van RSA Belange in Tête en die Zambesivallei. Hierdie aspek was die onderwerp van 'n spesiale operasiestudie wat gelei het tot Plan Tango, wat beskikbaar is onder verwysing HVS/11/1/2/2 (DG OPS). Hier word volstaan deur te stel dat die uitvoerbaarheid van Plan Tango, dws die verdediging van die RSA se ekonomiese en beveiligingsbelange in Tête en in die Zambesivallei rus op die voorvereistes van effektiewe militêre bekamping van terrorisme deur solidêre optrede van die RSA, Rhodesiese en Portugesemagte binne 'n Suider-Afrika-opset. Kortom, sonder die samewerking van die Portugese Veiligheidsmagte binne die raamwerk van 'n gesamentlike meesterplan vir operasies, kan die RSA se belange in Tête en die Zambesivallei nie militêr verdedig word nie.

34. Die Suidelike Sektor van Mosambiek. Hierdie gebied word in die noordweste en noorde begrens deur die Púnguèrivier tot by Ponté do Púnguè vanwaar dit met 'n sekondêre pad noordooswaarts strek tot by die bo-lope van die Sangussirivier en dan die algemene lyn van dié rivier tot by die kus volg. In die Suide strek die gebied tot by die Natal- en Swazilandgrens. Die gebied omsluit dus groot dele van die Vila Pery en Beira administratiewe distrikte asook die geheel van die distrikte Gaza, Inhambane en Lourenco Marques, waarvan laasgenoemde tans die ekonomiese en blanke hartland van Mosambiek vorm:

a. Die Noordelike deel van hierdie sektor vorm tans die Suidelike aksiegebied van aktiewe terroriste-besmetting veral langs die Beira-Umtali pad en spoorlyn. Vegelemente van die Portugese is tans te Beira en Vila Pery ontplooi terwyl militêre opleidingsbasisse en logistiekinstallasies verder Suid in die Lourenco Marques distrik teenwoordig is.

/b. Voorts grens ........

Wilson Center Digital Archive Original Scan



2011 -03- 29
D.M. CHAMBERS
92425760PE WO1

b. Voorts grens hierdie sektor in die Weste en Suide aan Rhodesië, die RSA en Swaziland. Dit word ook van Wes na Oos deurkruis deur die volgende verdere riviere waarvan sommige van militêre strategiese waarde is, terwyl andere slegs van militêre taktiese belang is, naamlik die Buzirivier, die Saverivier wat ook in Rhodesië in 'n Noord-Suid rigting in die omgewing van die Rhodesië/Mosambiekgrens vloei; die Limpoporivier wat in Botswana ontspring, die grens tussen Transvaal en Rhodesië vorm, by Joao Belo tussen Lourenco Marques en Inhambane uitmond en wat nie van strategiese hinderniswaarde is nie, omdat dit nie standhoudend is nie. Suid van die Limpoporivier is nog ander korter en stadig-vloeiende riviere wat tydens militêre operasies daar van taktiese hinderniswaarde kan wees.

c. Wat plaaslike bevolking betref vind ons Suid van die Saverivier hoofsaaklik die Thongaan taal- en etniese bevolkingsgroep waarvan die plattelandse meerderheid redelik passief staan teenoor blanke teenwoordigheid in Mosambiek. Noord van die Saverivier tref ons in die gebied die Nyanja taalgroep aan waar sommige stamme soos die Bargués reeds die angel van aktiewe terrorisme in hulle gebied huisves.

d. Die Saverivier verdeel ook die suidelike sektor van Mosambiek in twee afsonderlike ekonomiese belange gebiede, naamlik die Beira-Vila Pery gebied in die Noorde en die Lourenco Marques-Inhambane belange gebied in die Suide. Besondere internasionale belange in dié gebiede word afsonderlik bespreek.

e. Verdedigbare Belange in die Vila Pery-Beira Gebied. Hierdie gebied tussen die Púnguè- en die Buzirivier vorm 'n gelykbenig driehoek met Beira by die hoogtepunt. Dit val buite die onmiddellike belange gebied van die RSA maar dit is vir Rhodesië van lewensbelangrike ekonomiese en beveiligingswaarde.

/Afsnyding van ............

Wilson Center Digital Archive
Original Scan



Afsnyding van die Umtali-Beira toevoerroetes deur aktiewe terrorisme laat die Rhodesiese ekonomie bloei en sy toeristebedryf kwyn. Ook Malawi en Zambië het gevestigde en potensiële belange by die skeepsverkeer in Beira-hawe. Dit is in die RSA se veiligheidsbelang dat 'n kommunistiese vlootbasis nie in Beira ontstaan nie, maar die RSA beskik nie tans oor die mag om dit anders as deur politieke en diplomatieke onderhandeling te voorkom nie.

f. Die Verdedigbaarheid van Internasionale Belange in die Vila Pery-Beira Gebiede.

i. Die moerasagtige terrein in die kusstrookgebied en die bosagtige gedeeltes in die westelike hooglande naby die grens met Rhodesië, is uiters beswarend vir die lei militêre operasies daar. Die normalisering van militante toestande in hierdie gebied is in onmiddellikke belang van Rhodesië. Beveiliging van die gebied beteken egter dat, met of sonder Portugese hulp, intense betrokkenheid met die opruiming van terrorisme op die hals gehaal word. Sonder Portugese hulp kan Rhodesië nie alleen hierdie normalisering bewerkstellig nie en dit kan moontlik tot aktiewe RSA militêre hulp daar lei.

ii. Die hoofpaaie van Oos na Wes en van Suid na Noord kruis in hierdie doelwit-gebied. Dit beteken dat selfstandige militêre operasieleiding in hierdie gebied teen die wil van die Portugese owerheid, relatief vinnige landwaartse reaksie vanaf Portugese magte in die Noorde en lugmagreaksie vanaf lughawens by Beira, Chemba en Tête, kan uitlok.

iii. Vir suksesvolle besettingsoperasies in dié gebied, sal dit nodig wees om Beira in die aanvangstadium daarvan te beset om sodoende seewaartse inmenging uit te skakel.

/g. Verdedigbare .......



DEFENCE INTELLIGENCE
DECLASSIFIED
2011 -03- 29
D.M. CHAMBERS
92425760PE WO1

Wilson Center Digital Archive Original Scan



DEFENCE INTELLIGENCE DECLASSIFIED 2011-03-29 D.M. CHAMBERS 82425760PE WO1

g. **Verdedigbare Belange in die Gebied Suid van die Saverivier.**

i. Die RSA, Rhodesië en Swaziland het vanweë hulle gemeenskaplike grens met Mosambiek, groot veiligheidsbelange in hierdie gebied. Vyandige besmetting van hierdie gebied, veral onder kommunistiese invloed, kan dit die lanseerbasis van aktiewe terrorisme sowel as van 'n konvensionele aanslag teen hierdie drie lande maak. Mosambiek so hawe verkry ver= hoogde veiligheidswaarde teen die agtergrond van die heropening van die Suezkanaal en die uitbreiding van Russiese vlootbelange in die Indiese Oseaan. Vanuit 'n militêre beveili= gingsoogpunt gesien, is hierdie gebied so belangrik vir die RSA in besonder, dat enige aktiewe militante optrede vanuit dié gebied teen die RSA, Swaziland of Suidelike Rhodesië, as 'n casus belli beskou behoort te word en uiteindelik kan uitloop op die militêre beset= ting van die gebied.

ii. Die RSA heg waarde aan kulturele verbintenisse met die inwoners van hierdie gebied, beide wat betref die blanke Portugese sowel as met die nie-blanke Sjanghaans en Swazi's wat versprei oor die grens met Mosambiek, woon.

iii. Vir die RSA en Swaziland is die ekonomiese verkeer van Lourenco Marqueshawe via die RSA se pad en spoorverbindings met dié hawestand van groot waarde. Daarsonder sou Durban se hawe nie al die skeepsverkeer kon hanteer wat nodig is vir die voortgesette ekonomiese welvaart van die RSA nie.

iv. Ook Rhodesië het verdedigbare ekonomiese en veiligheidsbelange in die gebied. Lourenco Marques-Malvernia spoorlyn vorm vir haar 'n

/alternatiewe ............

Wilson Center Digital Archive Original Scan



DEFENCE INTELLIGENCE DECLASSIFIED 2011-03-24 D.M. CHAMBERS 82425790PE WO1

alternatiewe toegang tot die see. Sonder die Umtali-Beira verbindings, is die Lourenco Marques-Malvernia spoorlyn noord van die Limpoporivier, vir die Rhodesiese ekonomie lewensbelangrik. Op hierdie stadium gaan die enigste spoorverbinding tussen die RSA en Rhodesië nog deur Botswana.

h. Die Verdedigbaarheid van Internasionale Belange <u>in Mosambiek, Suid van die Saverivier</u>.

Die hele gebied is hoofsaaklik laagliggende kusstrook wat in die omgewing van Mosambiek deur verskeie kleinere standhoudende riviere deurkruis word. Noord van die taktiss-belangrike Limpoporivier verbreed die kusstrook en vorm dit die gebied met die laagste reënval in Mosambiek. Die volgende militêre implikasies is van belang:

i. Die yl-bewoonde binnelandse gebied tussen die Limpopo- en Saveriviere asook die dun bevolkte kusgebied Noord van Inhambane tot by Nova Mambone, vorm vanuit 'n militêre oogpunt 'n aktiveerbare effektiewe bufferstrook tussen Sentraal en Suidelike Mosambiek.

ii. Beira-lughawe is die naaste vliegveld vanwaar die huidige Portugese lugmag in die Noorde, 'n lugvermoë Suid van die Saverivier kan hê.

iii. Militêre beveiliging van die RSA, Swaziland en Rhodesiese belange in Suidelike Mosambiek, impliseer die effektiewe vestiging van militêre beheer oor die Lourenco Marques-Inhambane gebied en die beveiliging van daardie beheer teen inmenging vanuit die Noorde, die lug en vanaf die see.

iv. Vir effektiewe besetting van die suidpunt van Mosambiek of tydens die verlening van militêre hulp daar op uitnodiging, sal die volgende punte belangrike militêre teikens wees:

/(a) Die hawe ............

Wilson Center Digital Archive
Original Scan



DEFENCE INTELLIGENCE DECLASSIFIED 2011-03-29 D.M. CHAMBERS 82425760PE WO1

(a) Die hawe van Lourenco Marques.

(b) Militêre installasies in en om Lourenco Marques.

(c) Lughawens en vliegvelde by Lourenco Marques, Inhambane en Vilanculos.

(d) Trein- en padbrue oor riviere in die onmiddellikke omgewing van Lourenco Marques.

(e) Beveiliging ook van die Lourenco Marques-Malvernia spoorlyn en die hoofpad na die Noorde.

(f) Olie-opslagplekke.

35. Samevattend. Besinning oor die RSA se moontlike militêre betrokkenheid in Mosambiek, hetsy op uitnodiging of uit eie optrede ter beskerming van lewensbelangrike nasionale of groepsbelange daar, dui op afgebakende moontlike operasiegebiede in Mosambiek. Slegs indirekte belange kan aktiewe militêre betrokkenheid in die Noordelike Horing van Mosambiek regverdig. Militêre beveiliging van ekonomiese belange in Tête en die Zambesivallei is alleenlik effektief moontlik met die samewerking van die RSA, Rhodesiese en Portugese magte. Rhodesië het direkte belang by militêre operasies in die Vila Pery-Beira gebied waar die RSA tans slegs uit indirekte veiligheidsbelang militêr betrokke kan raak. Beide die RSA, Rhodesië en Swaziland het sulke waardevolle belange in die Suidpunt van Mosambiek dat die militante bedreiging of opskorting daarvan as 'n casus belli beskou kan word.

DEFENCE INTELLIGENCE DECLASSIFIED

Wilson Center Digital Archive Original Scan



DEEL 6 : OPERASIETAAKSTELLINGS MET BETREKKING TOT MOSAMBIEK

36. Inleiding. Die RSA se aktiewe militêre betrokkenheid in Mosambiek kan spruit uit oorwegings van behoud van blanke solidariteit in Suider-Afrika en sal die beveiliging van gesamentlike veiligheids- en maatskaplike welvaartsbelange van die RSA, Portugal en Rhodesië ten doel hê. Militêre aktiewe betrokkenheid in Mosambiek ter bekamping van terrorisme kan dus op uitnodiging van die Portugese owerhede of by wyse van 'n tydige aanbod deur die RSA, plaasvind. Netso mag die RSA gevra word om onder omstandighede van plaaslike rewolusie, in Lourenco Marques hulp te verleen met opstandsbekamping. Egter, indien die deurvoering van die Spinola-bewind se doelstellings sou lei tot die verbrokkeling van blanke solidariteit en tot die gevolglike wesenlike bedreiging of opskorting van die RSA en/of Rhodesiese lewensbelange in Mosambiek, kan die RSA saam met Rhodesië, of op eie houtjie genoodsaak word om militêr in te gryp in Mosambiek ter handhawing van sodanige belange; ook Swaziland sal daarby baat. Dit is reeds uitgewys dat op welke stadium ookal die RSA militêr aktief betrokke raak in Mosambiek en onder welke omstandighede ookal, die RSA magte te kampe gaan kry met 'n situasie waarin rekening gehou sal moet word met die volgende bevolkingselemente, naamlik gewapende militêre teenstanders, passiewe afwagtendes en openlike ondersteuners. Met kennisname van die moontlike omstandighede waaronder, die oogmerke van en die situasie waarin die RSA militêr aktief in Mosambiek betrokke kan raak, kan nou oorgegaan word om die moontlike operasietaakstellings vir sodanige betrokkenheid te bepaal.

TERRORISTE-BEKAMPINGSOPERASIETAKE OP UITNODIGING VAN MOSAMBIEKSE OWERHEDE

37. Dit word voorsien dat, ten spyte van verklarings tot die teendeel deur Portugese woordvoerders, die RSA gevra kan word vir aktiewe militêre hulpverlening ter bekamping van terrorisme in die volgende sektore:

DEFENCE INTELLIGENCE
DECLASSIFIED
2011-03-29

/a. Die Noordelike .........

Wilson Center Digital Archive Original Scan



a. Die Noordelike Horing van Mosambiek. Die RSA het geen verdedigbare direkte belange in dié gebied nie, maar indien aktiewe militêre hulpverlening op grootskaal deur die RSA Regering beveel word, sal 'n meesteroperasieplan opgestel moet word waarvan die hoofelemente die volgende behoort te wees:

i. Effektiewe afsondering van terroriste-insypeling en -logistiekvoorsiening langs die Rovumarivier.

ii. Stelselmatige offensiewe opruiming van terroris-besmette gebiede tot by die afsonderingslyn in i.

iii. Voortsetting van aktiewe voorkomende militêre teenwoordigheid langs die Rovumarivier en ook langs Malawi se Oosgrens, dws indien Malawi self nie daarin kan slaag om die verbod op terroriste-deurgang deur Malawiese gebied, hok te slaan nie.

DEFENCE INTELLIGENCE DECLASSIFIED 2011-03-29 D.M. CHAMBERS 32425760PE WO1

b. Die Tête-Zambesievallei-gebied. Terroriste-bekamping in hierdie gebied sal ook ten doel hê die beskerming van die RSA se ekonomiese belange by Caborra Bassa en by Moatize. Plan Tango is reeds opgestel en dek hierdie gebeurlikheid. Effektiewe militêre beskerming van RSA belange in die gebied, is slegs uitvoerbaar wanneer die samewerking van die RSA, Rhodesiese en Portugese magte daarvoor verseker kan word.

c. Die Sentrale Gebied, dws Vila Pery - Beira. Die RSA het nie direkte ekonomiese belange hier nie maar dit het 'n veiligheidsbelang daarby dat Beirahawe en lughawe nie in 'n afspringplek vir vyandiggesinde konvensionele militêre magte ontwikkel word nie. Vir die Rhodesiese ekonomie is hierdie gebied van primêre belang. Indien die RSA Regering op versoek van die Mosambiek-owerheid, sou besluit om aktiewe militêre hulp in die gebied te verleen ter bekamping van terrorisme in die sentrale gebied, kan sodanige operasies

/alleenlik blywende ........

Wilson Center Digital Archive Original Scan

DECLASSIFIED 2011-03-29



alleenlik blywende militêre sukses bewerkstellig, indien dit in samehang met Plan Tango uitgevoer word. Weliswaar kan Plan Tango aangepas word om vir so 'n gebeurlikheid voorsiening te maak.

TERRORISTE-BEMAKPINGSOPERASIETAKE IN MOSAMBIEK OP AANBOD VAN DIE RSA

38. Behoedens die handhawing van blanke solidariteit in Suider-Afrika, mag die militante terroriste-besmetting sodanig Suidwaarts uitbrei in Mosambiek, dat dit van RSA kant 'n aanbod van aktiewe militêre hulp aan die Mosambiekse owerheid kan ontlok. Dit word voorsien dat wanneer aktiewe militante terrorisme die Suidpunt van Mosambiek (dws die gebied Suid van die Pafurri - Inhambane lyn) besmet, dit ook 'n wesenlike bedreiging van die RSA se ekonomiese en veiligheidsbelange in hierdie deel van Mosambiek sal meebring. Trouens, aktiewe militante besmetting van Súidelike Mosambiek, dws Suid van die Saverivier, mag reeds voordat die Pafurri - Inhambane lyn bereik word, 'n nadelige uitwerking hê op die RSA se toeristebedryf in die Krugerwildtuin. Om te voorkom dat die terroriste-situasie dermate tot die nadeel van die RSA in Mosambiek ontwikkel, sal dit nodig wees om die Suidwaartse uitbreiding daarvan op die mees effektiewe manier buitekant ons Oostelike grens hok te slaan - verkieslik op so 'n manier dat dit tot die beste gesamentlike voordeel van die RSA, Rhodesië en Mosambiek sal wees. Laasgenoemde vereiste dwing ons Noord van die Limpoporivier. Die terroriste-besmetting van die Suidpunt van Mosambiek bedreig die RSA se belange dermate in Mosambiek en tuis, dat sou die Portugese self nie daarin slaag om die uitbreiding op die Saverivier te halt nie, die RSA Regering die aanbod van aktiewe militêre hulp daarvoor, vanuit 'n militêre oogpunt gesien, nie langer behoort uit te stel nie. 'n Tydige besluit kan beteken dat vroeë voorkomende militêre teenwoordigheid langs die Saverivier verkry en gehandhaaf kan word waardeur aktiewe terrorisme Noord van dié rivier afgesonder kan word. Sou 'n aanbod om hulp uitgestel word totdat aktiewe besmetting die hartland van blanke Mosambiek, dws Lourenco Marques en die kusstrook tot by Inhambane binnedring, kan duur en vrugtelose brandslaanoperasies

/alleenlik voorkom ..........

Wilson Center Digital Archive
Original Scan



MILITARY INTELLIGENCE
DECLASSIFIED
2011-03-29
D.M. CHAMBERS

alleenlik voorkom word deur bekampingsoperasies uit te voer binne die raamwerk van die volgende hoofriglyne van 'n operasie-meesterplan:

a. Effektiewe afsondering van terroriste-insypeling en logistiekvoorsiening langs die Saverivier.

b. Effektiewe afsondering van terroriste-hulp seewaarts.

c. Moeilike opruimingsoperasies vanaf die Natal en Swazilandgrens, deur die platteland, dorps- en stedelike-gebiede tot by die afsonderingslyn op die Saverivier.

d. Voortgesette handhawing van die afsonderingslyn wat ook kan dien as beveiligde vertrekpunt vir latere Noordwaartse opruimingsoperasies ooreenkomstig Plan Tango.

OPSTANDSBEKAMPING IN MOSAMBIEK OP UITNODIGING

39. Dit word voorsien dat die politieke toestand in Mosambiek kan aanleiding gee tot plaaslike opstande in verskeie sentra van Mosambiek wat 'n versoek om RSA aktiewe militêre hulp ter bekamping van sodanige opstande, kan ontlok. Hulpverlening in sentra waar die RSA gevestigde belange het, behoort in so 'n geval voorkeur te geniet, wat beteken dat die operasiegebied waarskynlik tot Lourenco Marques en onmiddellike omgewing beperk sal wees. Die politieke situasie in Mosambiek is so vloeibaar en onvoorspelbaar dat hulpverlening ter opstandsbekamping kan plaasvind in 'n situasie waar militêre en para-militêre magte in Lourenco Marques sodanige RSA militêre hulp sal verwelkom of waar hierdie magte of gedeeltes daarvan, sodanige militêre hulpverlening militêr sal teenstaan. Hulpverlening in 'n vriendelike en in 'n plaaslike militante militêre situasie, word vervolgens afsonderlik behandel.

40. Opstandsbekamping (Op Versoek) in Lourenco Marques in 'n Gunstige Plaaslike Militêre Situasie. Wanneer RSA magte saam met die Mosambiekse militêre en para-militêre magte plaaslike opstande moet onderdruk, sal die aard van die RSA se militêre bydrae hoofsaaklik neerkom op die uitvoering van polisietake soos skarebeheer, bewaking van kwesbare sleutelpunte,

/handhawing van ..........

Wilson Center Digital Archive

Original Scan



DEFENCE INTELLIGENCE
DECLASSIFIED
2011-03-29
D.M. CHAMBERS
92425760PE W01

handhawing van aandklokreëlings, magsvertoon, ens. Dit word voorsien dat 'n relatief klein en effektiewe mag in so 'n geval benodig sal word en dat die operasieplan daarvoor sal afhang van die aard van die versoek en die heersende situasie daar.

41. Opstandsbekamping in Lourenco Marques in 'n Ongunstige Plaaslike Militêre Situasie (Op Versoek). Wanneer hulpverlening in Lourenco Marques op uitnodiging geskied en plaaslike aktiewe en/of passiewe teenstand van die Mosambiekse militêre en para-militêre magte word voorsien, sal die operasieplan voorsiening moet maak vir 'n taakmag, om twee hoofoperasietake uit te voer:

a. 'n LM-mag vir die normalisering van die opstandsituasie in Lourenco Marques en omgewing.

b. 'n Afsonderingsmag wat die LM-mag kan vrywaar van verdere militêre inmenging vanuit die Noorde van Mosambiek.

RSA MILITêRE INTERVENSIE IN EIE BELANG

42. Dit is reeds uitgewys dat die RSA militêr verdedigbare ekonomiese belange in Mosambiek, Suid van die Saverivier, het en dat die Lourenco Marques - Malvernia spoorverbindings, as alternatief tot die Beira-Umtali verbindings, lewensbelangrik vir Rhodesië kan raak. Voorts het die RSA lewensbelangrike veiligheidsbelange by 'n ordelike en goedgesinde regering in die Suidpunt van Mosambiek en moet tekens van onvriendelike buurskap kommer wek. Trouens, 'n onvriendelike bewind wat die Suidpunt van Mosambiek gaan leen as lanseerbasis vir aktiewe SAANC-terrorisme teen die RSA en vir ZAPU- of ZANU-terrorisme teen Suidelike Rhodesië, óf dit beskikbaar stel as lanseerbasis vir 'n konvensionele aanslag deur OAE-lidlande teen die RSA of Rhodesië, behoort militêr gedissiplineer te word. Dit kan geskied deur militêre vergeldingsoptrede wat min hoop inhou op 'n blywende skikking, of deur militêre besetting. Buitendien mag die RSA in eie veiligheidsbelang en in belang van die Weste, nie toelaat dat Lourenco Marques in 'n kommunistiese vlootbasis omskep word nie. Kortom, die RSA se ekonomiese en militêre veiligheidsbelange in die Suidpunt van Mosambiek, maak dit

/nodig om ................

Wilson Center Digital Archive



DECLASSIFIED
2011-03-29

nodig om hierdie gebied onder die RSA se magsinvloed te hou. Indien behoud van RSA-invloed daar nie deur vreedsame staatsmag bewerkstellig kan word nie, mag dit nodig wees om deur selfstandige militêre magsaanwending in eie belang en by implikasie ook in belang van Swaziland en Rhodesië, die handhawing van sodanige invloed te waarborg. In die sin dat militêre intervensie in die Suidpunt van Mosambiek 'n plaaslike situasie daar kan skep en waarborg, waardeur die RSA-Regering ook die swart inwoners Suid van die Saverivier tot 'n selfstandige rasse-eenheid kan ontwikkel en vreedsaam tot 'n waardige staatkundige entiteit kan lei, is militêre intervensie dus ook in belang van die swart inwoners daar en is dit dus moreel geregverdig. Militêre intervensie in die Suidpunt van Mosambiek behoort dus uit te loop op besetting van die gebied Suid van die Saverivier op so 'n manier dat die gebied vir 'n onbepaalde tydperk militêr geadministreer kan word vry van militêre inmenging van elders. Die hoofelemente van so 'n besettingsoperasie behoort die volgende te wees:

a. Besetting van die Saverivierlyn en die voorkoming van landwaartse inmenging vanuit die Noorde van Mosambiek.

b. Besetting van sleutelpunte in Lourenco Marques en Noordwaarts langs die kuslyn, byvoorbeeld die lughawens by Inhambane en Vilanculos.

c. Besetting van Lourenco Marques-hawe en die voorkoming van seewaartse militêre inmenging.

d. Militêre bestuur van die gebied totdat die RSA se burgerlike instansies dit kan oorneem en die Mosambiekburgers in die plaaslike administrasie kan integreer.

e. Lugdekking in die vorm van ondersteuning aan die Leër as besettingsmagte en voorkoming van lugwaartse inmenging Suid van die Saverivier.

DIE IMPLIKASIES VAN RSA AKTIEWE MILITêRE HULPVERLENING IN MOSAMBIEK

43. Hulpverlening in Mosambiek, of dit by wyse van uitnodiging of by wyse van aanbod geskied, gaan op die tuis-, die Afrika-

/en die ....................

Wilson Center Digital Archive Original Scan



en die internasionale front gunstige en ongunstige reaksies uitlok. Ongunstige reaksies moet egter voortdurend opgeweeg word teen die waarde van ons nasionale belange wat deur sodanige hulpverlening bevorder, bevestig of beveilig word.

a. Die Tuisfront.

i. Politieke teenkanting kan uit sekere sektore verwag word omdat SA Burgers buite die RSA se grense oënskynlik in belang van Rhodesië of Portugal gaan sneuwel. Hierdie reaksie kan teengewerk word deur die RSA se belange in operasiegebiede daar, te beklemtoon asook deur die noodsaaklikheid vir die handhawing van blanke solidariteit en vir volwasse interstaatlike verkeer in Suider-Afrika, te onderstreep.

DEFENCE INTELLIGENCE DECLASSIFIED 2011-03-29 D.M. CHAMBERS 82425760PE WO1

ii. Mannekragoorwegings. Hulpverlening vir terroriste-bekamping in Mosambiek sal buite die vermoë van ons huidige reëling vir aanvangsdiensplig val. Dit word betwyfel of sodanige hulpverlening selfs bevredig kan word deur ons stelsel van voortgesette diensplig gekoppel aan die gebruikmaking van ministeriële bevoegdheid vir die magtiging van viermaande operasie-aanwending van die BM. Dit impliseer minstens gedeeltelike mobilisasie. Hierteenoor geld die oorwegings dat indien terroriste-besmetting nie vooraf en betyds buite ons grense gestuit word nie, die RSA verwag kan word om reeds teen 1981 vyf brigades voltyds langs die RSA se grense te moet ontplooi om terroriste-besmetting van die RSA effektief af te weer. Dit sal in elk geval mobilisasie beteken.

iii. Koste-oorwegings. Die finansiële implikasies in elke besondere hulpverleningsoperasie sal vooraf beraam moet word. Feit is: aktiewe hulpverlening gaan die Staat geld kos, maar minstens gaan die RSA selfbesteding daarvan handhaaf. Hierteenoor kan die huidige passiewe

/hulpverlening in ..........

Wilson Center Digital Archive Original Scan

hulpverlening in die vorm van finansiële en materiële hulp aan die Portugese oorlogspoging, gestel word, waar die RSA in elk geval geen beheer oor die besteding en aanwending van die hulp het nie.

iv. Op die ekonomiese sektor gaan die onttrekking van 'n verteenwoordigende blanke arbeidspotensiaal nadelige gevolge hê. Hierdie nadele kan oor die mediumtermyn negeer word deur die opleiding van goedgesinde Kleurlinge, Indiërs en Bantoes vir militêre aanwending - 'n stap wat in elk geval deur deelname in verdedigingsverantwoordelikheid by hierdie groepe tot inskerping van nasionale trots gaan lei.

DEFENCE INTELLIGENCE DECLASSIFIED 2011-03-29 D.M. CHAMBERS 92425760PE WO1

v. Hulpverlening gaan by die ontwikkelende bantoetuislande en by aangrensende swart buurstate die RSA se sterkmanbeeld bevestig en die RSA se vasberadenheid onderstreep om subversie en ondermyning van ordelike regering in Suider-Afrika op uitnodiging daadkragtig te beveg. In 'n milieu van waardige inter-staatlike verkeer en van goeie buurskap sal so 'n beskouing bedekte vrees vervang met vertroue, agting en respek.

vi. Grootskaalse aktiewe hulpverlening buite die RSA grense kan in die oë van interne passiewe besmettingselemente 'n verdedigingsvakuum in die hartland van die RSA skep wat avontuurlike aktivering van militante optredes tuis mag bevorder. Twee voorvereistes vir aktiewe hulpverlening buite ons grense word hierdeur beklemtoon, naamlik die handhawing van 'n toereikende reserwe tuis, en die hulpverlening buitelands, sover dit prakties moontlik is, alleenlik in die vorm van deelname aan afgrensbare normaliseringsoperasies wat deel uitmaak van 'n verdedigingsmeesterplan vir Suider-Afrika.

/b. Op die ...............

Wilson Center Digital Archive
Original Scan



b. Op die Afrika-front, gaan die RSA se aktiewe militêre hulpverlening aan Mosambiek voorspelbare gunstige en ongunstige reaksies uitlok:

i. Hulpverlening sal die ongebonde "vennootskap" tussen die RSA, Rhodesië en Portugal versterk en deur hegter solidariteit die blanke se wil bevestig om sy sinvolle staatkundige teenwoordigheid in Suider-Afrika te bly handhaaf. Dit mag selfs die Spinola-bewind aanmoedig om in die deurvoering van die verklaarde beleid van vrye verkiesings, konstitusionele reëlings te tref wat die sinvolle staatkundige teenwoordigheid van blankes in Mosambiek, sal verseker.

DEFENCE INTELLIGENCE
DECLASSIFIED
2011-03-29
D.M. CHAMBERS
82425760PE WO1

ii. Soos reeds gemeld kan verwag word dat sterk optrede deur die RSA in belang van die handhawing van wet en orde, nabye swart buurstate sal aanspoor tot die handhawing van goeie buurskap en tot waardige inter-staatlike verkeer.

iii. Hulpverlening in Mosambiek kan aktiewe militêre hulp van OAE-lidlande aan die "vryheidstryd" ontketen. Solank RSA aktiewe militêre hulp binne die raamwerk van 'n verdedigingsmeesterplan vir blankbeheerde Suider-Afrika plaasvind (wat juis ten doel moet hê OAE aktiewe inmenging ook te weerstaan) is hierdie reaksie van die OAE 'n aanvaarbare resiko.

iv. Dit is egter meer waarskynlik dat die terroriste-beweging, met of sonder aktiewe hulp van OAE-lidlande, sal probeer om die stryd in Angola sodanig vanuit Zaïr te intensifiseer dat RSA hulpverlening daar ook mag nodig raak en die RSA se militêre poging dan so wyd gekommitteer raak dat dit op geen front werklike vuiskrag sal hê nie. Indien die terroriste-beweging daarin kan slaag om die RSA langdurig en uitgestrek oor Suider-Afrika aktief militêr betrokke te hou (en dit

/sal in ooreenstemming ......

Wilson Center Digital Archive

Original Scan



DEFENCE INTELLIGENCE DECLASSIFIED 2011-03-29 D.M. CHAMBERS 324257604PE WO1

sal in ooreenstemming met bewese kommunistiese indirekte operasionele strategie wees) kan dit ons nasionale ekonomie laat kwyn en tot openbare ontevredenheid op die tuisfront aanleiding gee. Die voorgaande onderstreep die noodsaaklikheid van afbakening van aktiewe hulpverlening in Mosambiek in terme van tyd en ruimte.

v. Indien RSA aktiewe militêre hulp aan Mosambiek binne die raamwerk kan plaasvind van 'n solidêre gesamentlike verdedigingsmeesterplan vir Suider-Afrika, sal sodanige hulp bydra om terroriste-opeenhoping en leeglêery in Zambië en Tanzanië te bevorder. Onrussituasies kan daardeur daar ontstaan wat die plaaslike regering sal noop om die wenslikheid van die verskaffing van terroriste-basisse te bevraagteken.

vi. Op diplomatieke terrein mag sodanige hulpverlening dialoog met Afrikastate oor die korttermyn bemoeilik. Beklemtoning van sodanige hulpverlening ter handhawing van wet en orde en uiteindelik ter bevordering van die ekonomiese welvaart van al die inwoners van alle state in Suider-Afrika, mag egter nuwe dialoogpotensiaal skep. Trouens die RSA se positiewe raksie en eerbare bedoeling om op uitnodiging of op aanbod dmv ook aktiewe militêre hulp die belange van ook die swartman in Suider-Afrika te bevorder, kan ver buite die grense van Suider-Afrika respek en agting afdwing.

c. Op die internasionale front kan die RSA se aktiewe hulpverlening tot die volgende situasies, houdings en optredes aanleiding gee:

i. In die VN mag dit lei tot afkeuringsorasies en beroepe om sanksiebesluite teen die RSA strenger toe te pas. Die totale afdwinging van sanksiebesluite lyk egter nie moontlik nie, maar die

/Arabiese State ............

Wilson Center Digital Archive
Original Scan



DEFENCE INTELLIGENCE
DECLASSIFIED
2011-03-29
D.M. CHAMBERS
82425760PE WO1

Arabiese State mag wel slaag met 'n absolute olieverbod.

ii. Formele aankondiging van aktiewe militêre hulp gaan 'n nadelige uitwerking op die aandelebeurs hê; in samewerking met die Departement Finansies kan maatreëls vooraf beplan en geïnplementeer word om 'n skokgolf van dalende buitelandse reserwes te neutraliseer. Dit word in elk geval betwyfel of sodanige hulpverlening die internasionale populariteit van goud sal laat taan.

iii. In die lig van 'n toenemende afkeur van verantwoordelike groot state in die terreur van internasionale terrorisme, is dit moontlik dat die RSA se aktiewe militêre betrokkenheid by die bekamping van terrorisme in Mosambiek, minstens oor die mediumtermyn stilswyend as 'n weldaad aan Suider-Afrika beskou sal word.

iv. Dit word betwyfel of internasionale finansiële steun aan die OAE gaan krimp. Dit is egter moontlik dat die OAE sy distribusie van sodanige steun sal inperk ooreenkomstig die resulterende mislukkings en passiwiteit van verskeie terroriste organisasies.

IMPLIKASIES VAN RSA MILITêRE INTERVENSIE IN MOSAMBIEK UIT EIE BELANG

44. Die huidige Portugese owerheid het reeds toestemming verleen dat die RSA Regering in eie belang selfstandige terroristebekampingsoperasies mag lei oorkant die gemeenskaplike grense met Portugese gebiede. Sodanige operasies sal natuurlik reaksionêr van aard en beperk wees in terme van tyd en van ruimte. Eie langdurige voorkomende militêre teenwoordigheid oorkant sulke grense word nie deur die toestemming gedek nie. Dit mag vir die RSA nodig raak om onder uiterse omstandighede van belange-verydeling in die Suidpunt van Mosambiek, in eie belang daar militêr in te gryp. Sulke omstandighede kan ontstaan

/ingeval van 'n .............

Wilson Center Digital Archive Original Scan

DECLASSIFIED
2011-03-29
D.M. CHAMBERS



ingeval van 'n militante antagonistiese bewind in Mosambiek, ingeval van politieke en administratiewe chaos daar en ingeval van 'n wedloop deur ander state om te midde van chaos in Mosambiek, dele daarvan in eie belang te annekseer. In elk geval kan sodanige militêre optrede deur die RSA in die Suidpunt van Mosambiek nie voorsien word solank die gebied onder Portugal se eie, en dus vir die RSA gunstige, invloed staan nie. Die implikasies dus van selfstandige besettingsoptrede in eie belang lyk breedweg die volgende te wees:

a. Ingeval van 'n annekasasiewedloop, kan die RSA se optrede in die lig van die aksie van ander annekseerders uit Afrika, as regverdigbare optrede in eie belang beskou word.

b. In geval van optrede teen 'n antagonistiese bewind, sal sporadiese openlike militêre vergeldingsoptredes nog moontlik geregverdig kan word in VN-oë. Dog, die aanwending van militêre mag wat direk lei tot die besetting van die Suidpunt van Mosambiek, sal deurgaans as aggressie beskou word tensy dit ook in die oë van die Westerse lande geregverdig kan word as optrede in oorkoepelende belang van die Weste.

c. In die uiterste geval van besetting van die Suidpunt van Mosambiek is dit belangrik dat die besetting sodanig moet geskied dat die gebied effektief onder die RSA se regeringsgesag administreer kan word. Geslaagde ontwikkeling van die RSA se bantoetuislandbeleid en die gevolglike aanvaarding daarvan deur verantwoordelike groot State, mag besetting van die Suidpunt van Mosambiek met die doel om etniese groepsontwikkeling ook daar in eie en in die plaaslike bevolking se belang toe te pas, vir sodanige State oor die langtermyn aanvaarbaar maak.

## SLOT

45. Die bekamping van kommunisme (in sy Afrika-mantel van terrorisme), die handhawing van waardige inter-staatlike betrekkingeen goeie buurskap, asook die bevordering van inter-staatlike ekonomiese welvaart in Suider-Afrika, is belange wat die

/RSA graag met ............

Wilson Center Digital Archive
Original Scan



RSA graag met alle state in Suider-Afrika wil deel. In die geval van Rhodesië en die nabye Portugese gebiede handhaaf die RSA partikuliere kulturele, beskawings-, ekonomiese en veiligheidsbelange van 'n gesamentlike en van 'n individuele aard. Die wese en belangrikheid van hierdie nabye en gevestigde belange in en met Rhodesië en die Portugese gebiede, setel so diep dat 'n aanslag daarop óók die voortbestaan van sinvolle blanke teenwoordigheid in Suider-Afrika bedreig. Ook uithoofde van die uitbouing en handhawing van blanke solidariteit in Suider-Afrika dus, het die RSA buite sy grense, naas eie belange ook gesamentlike belange wat van militêr-verdedigbare waarde is. Trouens, dit is bekend dat die RSA bereid is om ter bevordering van 'n vreedsame en welvarende Suider-Afrika, al die bogemelde belange op versoek van blank-beheerde sowel as van swart state, militêr te help beskerm.

46. Versoeke wat reeds ontvang is, het nie op dowe ore geval nie. Met betrekking tot Mosambiek word versoeke om finansiële en materiële hulp beantwoord, dog sonder dat dit die vlaag van Suidwaartse terroriste-besmetting tot dusver doeltreffend kon stuit. Namate gesamentlike en individuele RSA belange vanuit die Noorde tot in die Suide van Mosambiek toenemend meer bedreig word deur kommunisties-geïnspireerde aktiewe militante terrorisme, moet die RSA gereed wees om op versoek of by wyse van tydige aanbod en ook desnoods by wyse van militêre intervensie, gesamentlike belange in die Noorde, in Sentrale Mosambiek en in die belangrike Suidpunt van Mosambiek, militêr te beveilig. Trouens van Noord na Suid intensifiseer groepsbelange en die RSA se eie belange in Mosambiek sodanig dat wanneer aktiewe terroriste-besmetting die Saverivier bereik, die RSA in 'n gees van goeie buurskap, aktiewe militêre hulp uit eie beweging behoort aan te bied vir die stuiting van verdere Suidwaartse uitbreiding van die terroriste aanslag. In 'n veranderde politieke situasie en in 'n milieu van militante antagonisme vanuit Lourenco Marques mag die RSA selfs genoodsaak word om in eie veiligheidsbelang tot militêre voorkomings- en vergeldingsoptrede in en tot moontlikebesetting van die Suidpunt van Mosambiek, oor te gaan.

DEFENCE INTELLIGENCE
DECLASSIFIED
2011-03-29

/47. Uithoofde van .......

Wilson Center Digital Archive
Original Scan



47. Uithoofde van die voorgaande is dit vir die SAW nodig om minstens twee gebeurlikheidstaakplanne vir aktiewe militêre betrokkenheid in Mosambiek, gereed te hê, naamlik:

a. Plan Tango vir die aktiewe militêre beveiliging van belange in Tête en moontlik ook in Sentraal-Mosambiek. (Dit word beklemtoon dat belange in Tête slegs deur gesamentlike optrede van RSA, Rhodesië en Mosambiekse magte verdedigbaar is.)

b. Plan Mango wat voorsiening maak vir RSA aktiewe militêre betrokkenheid in die Suidpunt van Mosambiek op uitnodiging, by wyse van aanbod en desnoods deur selfstandige militêre intervensie in eie belang by wyse van sporadiese vergeldingsoperasies of by wyse van besetting en anneksasie van die gebied.

Terwyl Plan Tango die resultaat is van 'n afsonderlike waardering oor terroriste-bekamping in Suider-Afrika, is Plan Mango die direkte uitvloeisel van die voorgaande studie oor die aard, omvang en verloop van die RSA se moontlike aktiewe militêre betrokkenheid in Mosambiek.

48. Die behoud en benutting van eie en groepsbelange in Mosambiek kan deur die aanwending van verskeie vorms van RSA-staatsmag of groepsmag van belanghebbende partye, verseker word. Sou die belange bedreig word en die aanwending van vreedsame metodes gevaar loop te misluk op grond van terroristiese en ander militante inmenging, mag dit nodig raak vir die RSA om 'n aktiewe rol te speel in die bekamping van sodanige militante gevare. RSA militêre optredes in Mosambiek ter versekering van die vreedsame handhawing van eie en groepsbelange daar, kan geskied op versoek van die Portugese owerhede en in uiterste omstandighede ook by wyse van direkte intervensie in eie veiligheidsbelang. Tussen hierdie twee pole lê daar vir die RSA as goeie buurman van die huidige Mosambiek, opgesluit die opsie wat tot beste voordeel van al die belanghebbendes (die RSA, Mosambiek, Rhodesië en Swaziland) sal strek, naamlik

DEFENCE INTELLIGENCE /die tydige aanbod ........
DECLASSIFIED

2011 UITERS GEHEIM

Wilson Center Digital Archive
Original Scan



die tydige aanbod van aktiewe militêre hulp. By bewys van die stabilisering van die politieke situasie in Portugal, behoort so 'n aanbod wat kan lei tot die militêre benutting van die Zambesierivierlyn vroeë aandag te geniet. In 'n milieu van verswakkende politieke omstandighede in Mosambiek, egter, behoort so 'n aanbod wat kan lei tot beveiliging van die gebied Suid van die Saverivier, oorweeg te word voordat dit deur militante terrorisme besmet word.

49. Dit word vertrou dat die operasietaakstellinge hierbo vir u as basis sal kan dien vir verdere taakontledings, troepemagbepaling en operasiedireksie.

Kol,
SKS (LEËR) : SA VERDEDIGINGSKOLLEGE.

JFJvR/

DEFENCE INTELLIGENCE
DECLASSIFIED
2011 -03- 29
D.M. CHAMBERS
82425760PE WO1